HOËRSKOOL WATERKLOOF

# KLOFIEKAN

www.klofies.co.za | klofies@klofies.co.za

UITGAWE 3 | 2024

Wenners van Beste Skoolkoerant en Beste Indiepte-artikel in die Nasionale Netwerk24-skoolkoerantkompetisie 2023

# Kloof vier 45 jaar

## 45 jaar van bou in geloof én sement

Nandi Gous



- Foto verskaf -

Met groot mylpale vier Hoërskool Waterkloof vanjaar 45 jaar van harde werk, toewyding en drome nastreef. ‘n Nuwe ouditorium, swembad en amfiteater beteken dat hier – baksteen vir baksteen – gebou word aan die realisering van ‘n skool waar die Klofies die beste toekoms vir hulself kan skep.

Op 9 Januarie 1979 is ‘n klein hoërskooltjie in die suidooste van Pretoria in ‘n half-voltooide skoolsaal geopen. Net soos ons leuse sê: “Ons bou in Geloof,” het die skool op elke gebied hard gewerk om te bou op die fondasies wat in 1979 gelê is om vandag bekend te staan as een van Suid-Afrika se toppresterende skole. Of dit nou in die klas, op die sportveld, of op ‘n verhoog is, die Klofies bou in geloof én in sement en stene.

Die skool het met 215 leerders geopen en vinnig tot 1400 leerders in 1985 gegroei. Vandag spog die Klofies egter met 2147 leerders wat deur die gange loop. En so het die skool vir die tweede keer in sy geskiedenis uit sy nate begin bars en moes daar planne gemaak word om ‘n nuwe, groter ouditorium te bou om al die Klofies te akkommodeer. Waar die ou skoolsaal sitplek vir ongeveer 1300 mense gehad het, kan die nuwe ouditorium tot 2500 mense akkommodeer.

Soos mnr. Chris Denysschen altyd beklemtoon, bly akademie die hoofprioriteit van die skool. Dit word weerspieël in ons 100% slaagsyfer vir die 34ste agtereenvolgende jaar. Met 23 verskillende vakke - van Landbou, Dans en Siviele Tegnologie, tot Frans en Ontwerp, word die Klofies met keuses bederf en jy het nie ‘n verskoning om nie jou “ding” te vind nie.

Waar die skool in 1979 met slegs sewe sportsoorte begin het, word daar vandag 18 verskillende sportsoorte aangebied. Om al die sportsoorte te akkommodeer, het die skool die sportvelde uitgebrei. Dit het met die atletiekpawiljoen in 1985 begin, die hokkieastro in 2016, die krieketklubhuis in 2019 en die swembad in 2022.

> **“Vandag spog die Klofies egter met 2147 leerders”**

Stewige fondasies is ook vir die kultuurdiere gelê met die opening van die kultuursentrum in 2019 en die amfiteater in 2023 terwyl die De Beer-Thom-innovasiesentrum, ‘n hawe vir leergierige jong wetenskaplikes bied.

Rome is nie in een dag gebou nie en net so het een van die land se toppresterende skole nie net ontstaan nie. Die karakter van die skool is deur elke onnie, leerling en ouer wat deur hierdie geboue geloop en geleef het, gebou. Dit is gebou deur die trots, omgee en liefde vir jou mede-Klofies.


In sy eerste koerantonderhoud het mnr. HMG Davin, die eerste waarnemende hoof, gesê: “Hoewel dit voorbarig sou wees om in hierdie stadium enige voorspellings te waag, is ek oortuig dat Hoërskool Waterkloof groot hoogtes gaan bereik.” As hy maar net geweet het hoe reg hy was…



Jaden Schoeman - bl.6
- Foto verskaf -



Skool werkers - bl.7
- Fotograaf: Marlette Krüger -



Hoofleiers - bl.8
- Fotograaf: Jack Brevis -



Gholf - bl.19
- Fotograaf: Marlette Krüger -

# Redakteursbrief

*"I wish it need not have happened in my time," said Frodo. "So do I," said Gandalf, "and so do all who live to see such times. But that is not for them to decide. All we have to decide is what to do with the time that is given us."* J.R.R. Tolkien, *Lord of the Rings*

En so, na twee jaar, skryf ek my laaste redakteursbrief aan julle. Wat 'n voorreg is dit nie.

Ons bevind onsself in interessante tye. Vir baie mense is dit onsekere tye soos ons liewe matrikulante wat nou die grootmenswêreld moet betree. Dit voel soms asof 'n mens net wil terugkeer na jare lank gelede - die jare van ons kinderdae - toe die lewe meer eenvoudig en sorgeloos was. 'n Mens wens jou hele lewe om ouer en groter te wees, maar met ouderdom kom die kennis dat die wêreld 'n meer stukkende plek is as wat jy dink. Tog, word karakter nie in maklike tye gebou nie. *He knows not his own strength who has not met adversity.*

Oorwinning sou nie plaasvind as 'n mens nie daarvoor moes veg nie: op die sportveld, laat in die aand voor jou boeke – en so ook in die lewe. Kloof het nog altyd, met bloedsweet en trane, geveg vir alles wat ons bereik het. Party gevegte het ons gewen en ander verloor, maar dit is nooit alleen gedoen nie – Hy beskerm ons aan alle kante.

Moenie jou lewe wegwens vir beter omstandighede nie. As alles om jou donker lyk, kyk weer. Dalk is jy die lig.

Og Mandino se woorde: "*I will love the light for it shows me the way, yet I will endure the darkness for it shows me the stars.*"




## REDAKSIE

**Graad 12**
Mia Appelcryn (Adjunkredakteur)
Lize Erasmus
Laureanne Geertsema
Nandi Gous (Redakteur)
Casey Robertson
Michaela Smith
Jani Strydom
Kayla Strydom
Mia van der Walt

**Graad 11**
Marni Botha
Je-Miné de la Rey
Nicolas du Plooy
Anja Maranta
Riané Muller
Miné Naudé
Krige Steyn
Dieter Stehle
Danielle van Niekerk
Claudia van Wyk

**Graad 10**
Kayla Borstlap
Nika Meiring
Simoné de Leeuw
Elimay le Roux
Cara Grebe

**Graad 9**
Mila Gous

**Onderwysers**
Retha Hofmeyr
Leandré Eksteen
Janneke Vahrmeijer
Gareth Harris
Annuska Pretorius

**Uitleg**
Marlette Krüger

*Ons neem afskeid van juffrou Retha Hofmeyr, wie vir die laaste twee jaar die Klofiekan na groot hoogtes gelei het. Ons gaan juffrou baie mis.*

# WENNER!



*Baie geluk aan Carl Willemse in gr. 12 wat die gelukkige wenner van die kontantprys vir die woordspeletjie in die uitgawe 2/2024 is. Indien jy R500 kontant wil wen,* *blaai na bladsy 14 vir die volgende uitdaging!*
*- Fotograaf: Miracles Photography -*



*Redaksie 2024*
*- Fotograaf: Janneke Vahrmeijer -*

# Laat jou stem tel

## Wat wil jy in die Klofiekan sien?

Cara Grebe

**Saam met 'n wêreldklasskool, kom daar natuurlik 'n wêreldklaskoerant. Tussen die sport-, die kultuur- en die *cute couple*-berigte is daar werklik iets vir almal om te lees. Wat is dit egter wat die Klofies se belangstelling in die koerant nog meer sal prikkel?**

**Die volgende terugvoer is ontvang:**

- *Ek sal meer nuus oor sport geniet, onder andere die nuutste nuus oor rugby binne en buite die skool. Ek geniet ook 'n paar grappies of snaakse gebeure in die skool en sal meer daarvan in die Klofiekan wil sien.*
**Edward Joubert (graad 8)**

- *As 'n krieketspeler, sal ek meer krieketnuus in die Klofiekan wil sien, aangesien ons die beste krieketskool in die land is. Verder sal ek graag 'n soek-die-verskil-speletjie geniet.*
**Etienne Stiglingh (graad 9)**

- *Ek sal meer speletjies in die Klofiekan wil sien, soos: pas die geesstok by die matriek of pas 'n unieke eienskap by die onderwyser. Verder sal ek ook meer foto's wat by spesiale byeenkomste soos die deurnagsokkie of die graad 10-bal geneem is, wil sien.*
**Ame Stiglingh (graad 10)**

- *As iemand wat graag meer oor ons skool se kultuur wil leer, sal ek meer oor die koor en die orkes in die Klofiekan wil sien. Ek is ook iemand wat beslis by ons skool se kleinsportsoorte betrokke wil raak en ek sal graag meer oor gholf wil lees.*
**Quintin van Dyk (graad 11)**

**Hoërskool Waterkloof**

## Moet die skool 'n sneesdoekie-begroting hê?

Nika Meiring

**So antwoord van die Klofies:**

- *Ja, want te veel meisies huil by die skool.*
**Francois de Beer (graad 8)**

- *Ja, want anders moet ek na die boonste verdieping loop om my neus te blaas.*
**Zené Claasen (graad 8)**

- *Ja, want as jy die hele tyd snuif, hou jy ander kinders uit die werk uit.*
**Marius de Vos (graad 9)**

- *Nee, want die skool kan eerder geld op ander dinge spandeer.*
**Tristan Enslin (graad 9)**

- *Ja, want dit mors dan nie die onnies en die kinders se tyd nie. Dis moeite om elke keer jou dagboek te laat teken.*
**Chrizette Coetzer (graad 9)**

- *Ja, want as my neus loop, wil ek dit graag blaas. My das kan nie meer elke dag gewas word nie.*
**Ruben van Wyk (graad 10)**

- *Nee. Snuif net.*
**Hendré Verhoef (graad 10)**

- *Ja, want in die winter wanneer ons toetse skryf, "gmf-gmf" dit heeltyd rondom my.*
**Shane Murray (graad 11)**

- *Ja, dis baie handig wanneer jy Rek-, Alpha Wiskunde- of Wetenskappunte terugkry.*
**Heinrich Sutton (graad 11)**

- *Ja, die skool se enkellaag-toiletpapier is 'n bietjie hard op die neusie.*
**Nicolene de Wet (graad 11)**

## Moet daar van seuns verwag word om meisies na danse toe te vra?

Michaela Smith

**So antwoord van die Klofies:**

- *Ja, die idee van ridderlikheid en ouwêreldse romanse, waar mans die inisiatief neem, word as goeie maniere gesien. Dit is 'n manier om tradisionele waardes te behou.*
**Saskia Wethmar (graad 8)**

- *Ek dink dit kan albei kante toe gaan. 'n Meisie kan 'n seun vra as sy regtig van hom hou en andersom. Daar is niks fout daarmee om anders te wees nie, inteendeel, dis baie oulik om iemand na 'n bal toe te vra, of dit nou die meisie of die seun is. Die enigste uitsondering is wanneer hulle 'n paartjie is, dan glo ek die seun moet sy meisie vra, want dit is nie asof sy gaan nee sê nie.*
**Amica Olivier (graad 9)**

- *Ek dink die seun moet vra, maar as dit skrikkeljaar is, moet die meisies die ouens vra. Dit is nie asof jy die persoon vra om te trou nie, dis net 'n bal.*
**Christian Huggett (graad 10)**

- *Daar moenie van seuns verwag word om meisies na 'n bal toe te vra nie, want seuns wil dikwels net 'n gesellige tyd saam met hulle vriende hê, of hulle wil bloot alleen gaan.*
**Morné van der Merwe (graad 11)**

- *Natuurlik kan daar van seuns verwag word om meisies na 'n bal toe te vra! Hoekom moet ons altyd die eerste skuif maak? In 1940 het seuns in oorloë gaan veg en nou is hulle te bang om meisies met blomme (wat jy letterlik by enige garage kan kry) na 'n bal toe te vra. 'n Bal is veronderstel om 'n aand te wees waar jy spesiaal voel en wat kan meer spesiaal wees as die ou van wie jy hou wat jou na die bal toe vra? So ja, daar kan beslis van seuns verwag word om meisies na 'n bal toe te vra.*
**Carlé Badenhorst (graad 12)**

# Die gesigte agter die kameras

Laureanne Geertsema

Die geskiedenis van Hoërskool Waterkloof is al oor die jare op verskeie maniere vasgevang - in jaarblaaie, prestasielyste en mooi deftige skoolfoto's. Die gees van Waterkloof word egter op 'n besondere manier deur 'n span spesialiste versamel. Waterkloof se eie fotografiespan is verantwoordelik vir die unieke foto's wat ons skool se siel vasgryp, van borrelende druppel-laggies, tot bittersoet matriek-trane.

Ons fotografiespan spog met 22 leerders wat deur Dané Naudé (die voorsitter van Waterkloof se fotografie) en Kaylin Swaak (ondervoorsitter) bestuur word. Hulle is by elke funksie van die skool teenwoordig en offer so baie persoonlike tyd op om die oomblikke van ons skool te verewig. Die take word deur die bestuur beheer en dan volgens die fotograwe se beskikbaarheid uitgedeel.

Volgens Dané is fotografie weens verskeie redes spesiaal, maar beslis omdat dit haar in staat stel om oomblikke vas te vang en herinneringe te bewaar. Dit is 'n manier om kreatiwiteit uit te leef, en dit skep 'n stille vrede in jou gemoed. Dané se groot droom is dat die fotograwe die erkenning sal kry wat hulle verdien.

> **"Dit is om oomblikke vas te vang en herinneringe te bewaar."**

Sy beplan ook om professionele fotograwe te nooi om nuwe vaardighede vir ons Klofies aan te leer.

Waterkloof se fotograwe is beslis divers. Elkeen het unieke fotografiestyle wat hulle sáám 'n gedugte span maak. Iets wat die Klofies selde besef, is dat die fotograwe maandeliks 'n interne kompetisie loods. Die fotograwe neem almal foto's oor 'n spesifieke tema. Aan die einde van die maand word die foto's bespreek en die wenner word met 'n prys beloon.

Indien jy sou belangstel om by die Klofie-fotograwe aan te sluit, kan jy met tannie Marlette in die bemarkingskantoor gaan gesels. Jy hoef nie noodwendig die vaardighede te hê nie - solank jy 'n passie vir fotografie het, is jy altyd welkom.

Aan al ons fotograwe, baie dankie dat julle ons skool se hart en siel in 'n foto kan vasvang, wat duisende woorde spreek. Mag julle altyd julle talente gebruik om ons skool te lei en verder te laat Bou in Geloof.



*Klofie-kliek*
*- Foto: Miracles Photography -*

# Het jy gehoor?

Nandi Gous

As jy jou ore spits, sal jy verbaas wees oor wat jy alles in Kloof se klasse en gange hoor.

Onderwyser: "Is jy klaar? Nie met die wêreld nie, maar met jou werk?"

"Ek is die wêreld se belangrikste natuurlike hulpbron."

"Ek wou nie die naweek vir Wiskunde leer nie, toe begin ek 'n groentetuin."

Juffrou: "Jou kuif lyk al soos 'n afdak." Kind: "Juffrou, dis vir as dit reën."

"My ma het as kind my brein uitgevleg - dis hoekom my Wetenskappunte so lyk."

"Vandag is so 'n mooi dag om klas te bunk."

"Jou haarlyn sit in Nieu-Seeland."

"Een keer het my kar oor my rekenaar gery en toe skuif hy die hele *Macbeth folder* in *Teams*."

Juf. Ida (baie teleurgesteld in die naweek se rugby): "Boeta, watse boek is daardie ... *how to tackle*?"

"Gaan jou ma jou op die vind-'n-matriekafskeid-date-groep verkoop?"

"Hoekom rook Meneer 'n verfkwas?"

"Jou gesig is *ragebait*."

Kind een: "Dis nie my skuld dat jy kort is nie." Kind twee: "Jy hou aan om my te boelie oor my lengte, maar jou laaste verhouding was korter as ek."

"Die skool se wifi is nie 'n *baddie* nie."

Kind: "Hoekom is Juffrou so kwaad as Juffrou ons toetse merk?" Juffrou: "Ek is nie kwaad nie, ek bars in trane uit."

## SPOTPRENT

Kunstenaar: Krige Steyn




2 UUR VOOR DIE MATRIEKAFSKEID



# Ons groet: Juf. Ingrid Knoetze

**Lize Erasmus**



Na 43 jaar van onvermoeide toewyding aan haar roeping as 'n onderwyseres, groet ons vir juf. Ingrid. Haar passie en liefde vir die onderwys en Engels as vak het, in die 39 jaar wat juf. Ingrid by Hoërskool Waterkloof skoolgehou het, 'n blywende invloed op honderde Klofies gemaak. Sy was nie net 'n onderwyseres nie, maar ook 'n mentor en 'n inspirasie vir baie.

**Wat is die snaaksste ding wat in Juffrou se klas gebeur het?**
Ek het een dag my klas se lessenaars rangskik om na die agterkant van die klas te kyk om aan die graad 12's te illustreer dat jy na dinge uit 'n ander perspektief moet kyk. Daar was totale verwarring! Een seun het gesê hy voel seesiek. 'n Ander keer was die klas aan die gang en daar was 'n baie sterk aardbewing. Almal moes onder die lessenaars inklim. Dit was ook 'n baie interessante periode...

**Wat was vir Juffrou die beste deel van onderrig?**
Die gevoel van vervulling as ek sien dat leerders die werk verstaan, veral letterkunde. Die vriendelikheid van leerders en veral hoe gereeld hulle my laat lag het.

**Wat is die beste raad wat Juffrou aan enige leerder sal gee?**
Moenie in jou borrel op die heuwel leef nie. Wees sensitief vir ander. Lees en reis soveel as moontlik – 'n nuwe wêreld sal vir jou oopgaan.

**Wat is Juffrou se gunsteling-Engelse aanhaling?**
Marianne Williamson: "*Our deepest fear is not that we are inadequate. Our deepest fear is that we are powerful beyond measure. It is our light, not our darkness that most frightens us. We ask ourselves: Who am I to be brilliant, gorgeous, talented, fabulous? Actually, who are you not to be? You are a child of God. Your playing small does not serve the world … We were born to manifest the glory of God that is within us.*"

**Wat is Juffrou se gunsteling-voorgeskrewe gedig of boek?**
*To kill a mockingbird* - sonder twyfel! Dit is in die eerste plek 'n groot storie, met beide drama en humor. Dit leer baie lesse, veral hoe om in iemand anders se skoene te loop en dinge vanuit sy/haar oogpunt te sien.

**Watter stokperdjies sal Juffrou graag wil beoefen?**
Fotografie; dit gee my groot vreugde!

# Juf. Jo Ferreira

**Dieter Stehle**



"Kies jou passie en maak 'n groot sukses daarvan".

Hierdie wyse woorde word met ons gedeel deur een van Waterkloof se mees musikale onnies wat ons ongelukkig binnekort gaan verlaat.

Juffrou se liefde vir musiek het begin toe sy slegs vier jaar oud was. Sy het op laerskool geweet dat sy óf 'n lugwaardin óf 'n musiekonderwyseres wil word. Sy het musiek as beroep gekies en vir die volgende 44 jaar het sy nooit oor haar keuse getwyfel nie. Sy het onder andere vir 27 jaar lank by Hoërskool Overkruin se musieksentrum gewerk. Juffrou werk al vir die laaste agt jaar hier by Waterkloof en sy beskou haar tyd by ons as die kroon op haar loopbaan. Dis hier waar sy verantwoordelik was vir die bestuur van die Kloof-orkes. Sy het ook die jazz-ensemble gestig en gesien hoe hulle deur die jare groei. Sy beskou dit as die hoogtepunte van haar tyd by Hoërskool Waterkloof.

Juf. Jo sê dat sy die kinders die meeste sal mis wanneer sy ophou skoolhou. In haar eie woorde: "Die Klofies is die beste kinders wat jy op die aarde kan kry." Juffrou beplan om na haar aftrede nog vir 'n jaar by die orkes aan te bly om hulle met die bestuur te help. Sy beplan ook om privaat klavierlesse by haar huisstudio aan te bied. Om skool te hou en met soveel verskillende kinders deur haar loopbaan te werk, was vir juf. Jo 'n groot plesier en ook 'n groot voorreg.

Juf. Jo sal onthou word vir die groot invloed wat sy op Kloof se musiekkultuur gehad het. Ons sal haar baie mis! Ons wens Juffrou 'n baie geseënde aftrede toe.

# Juf. Tinka le Roux

**Danielle van Niekerk en Je-Miné de la Rey**



Juf. Tinka le Roux het haar onderwysloopbaan in 2005 by Hoërskool Waterkloof afgeskop. Nou, na 20 jaar, is sy reg om hierdie hoofstuk van haar lewe af te sluit.

**Hoe sal Juffrou die tyd by Kloof opsom?**

Dit was die beste tyd van my lewe.

**Wie van Juffrou se onnievriende sal Juffrou die meeste mis?**

Van my beste maatjies is al klaar weg, maar ek sal vir juf. Rita Retief en juf. Magda-Marie Carstens baie mis.

**Wat is Juffrou se lewensleuse?**

Leef daagliks asof dit jou laaste dag is. Ek het 12 jaar terug borskanker gehad en die Here het vir my 'n ongelooflike tweede kans gegee. Dit het my laat besef dat die wêreld my niks skuld nie. Elke dag wat ek hier is, moet ek doen wat ek kan, want môre is dit dalk weg.

**Wat sal Juffrou die minste mis?**

Toesighou en terreindiens! Terreindiens is vir my soos stryk en ek haat stryk. Dit voel vir my ek beweeg heen en weer, maar niks gebeur nie.

**Waarna sien Juffrou die meeste uit?**

Tyd! Ek kan nie wag om genoeg tyd te hê vir soggens se Bybelstudie of om tyd saam met my geliefdes deur te bring nie. Ek kan nie wag om tyd buite skoolvakansies te hê om saam met my man te gaan duik nie. Ek wil ook tyd in my tuin deurbring.

**Met watter gedagte wil Juffrou die kinders los?**

Mooi loop! Kyk mooi waarheen jy gaan en moenie seerkry nie. Kyk dat ander nie op jou trap nie, loop regop – met trots en vasberadenheid. Die belangrikste is: kyk op na die Vader! Mag jou laaste tree van 2024 met sekerheid gekies word en jou eerste tree van 2025 doelgerig wees.

# Juf. Anne-marie Grobler

**Claudia van Wyk**



Juf. Anne-marie Grobler is meer as 'n onderwyser, meer as 'n gewone mens. Juf. Anne-marie is 'n mode-ikoon, wat ons asems altyd met haar kreatiewe uitrustings wegslaan. Sy is 'n inspirasie vir elke Ontwerpleerder, voorlopige kunstenaar en onderwyser by Hoërskool Waterkloof.

Sy is ook 'n wêreldberoemde kunstenaar en voor haar onderwysloopbaan begin het, was sy 'n professionele internasionale kunstenaar met verskeie solo-uitstallings. Sy het veral op die wildlewe en mense van Afrika gefokus. Juf. Anne-marie was selfs saam met die president van Portugal op Europese TV nadat hy een van haar kunswerke in ontvangs geneem het.

Sy het agt jaar studeer en het grade in Sielkunde, Kriminologie, Ontwerp, Kuns en Mode-ontwerp. Juf. Anne-marie se aftrede sal 'n groot gat in die hart en siel van Waterkloof los. Die Klofies wil haar graag bedank vir die onmeetbare bydrae wat sy aan die Ontwerpleerders gemaak het. Haar toewyding en passie vir die onderwys het nie net die Ontwerpleerders se lewens aangeraak nie, maar sy het ook 'n nalatenskap agtergelaat wat deur die leerders gekoester sal word.

Juf. Anne-marie se indrukwekkende loopbaan as internasionale kunstenaar het haar unieke perspektief en kreatiewe gees na die klaskamer gebring. Sy het nie bloot klas gegee nie, sy kon leerders ook van deursettingsvermoë en passie leer. Juf. Anne-marie het in die 21 jaar en 8 maande van skoolhou, deurlopend 'n fenomenale matriekgemiddeld van tussen 80 – 93% gehandhaaf. Hierdie hoë akademiese standaarde het die leerders geïnspireer om hulle beste te gee. Die erkenning as een van die beste onderwysers in Gauteng en in die land, spreek boekdele van haar toewyding en talente.

Juf. Anne-marie verhuis in Januarie 2025 na die Weskus. Ons bid dat die volgende hoofstuk in haar lewe vol opwindende avonture sal wees.






# Cute Couple

## *Power Couple*

**Anja Maranta**

Nandi Gous het hom in 2018 ontmoet toe haar suster hom huis toe gebring het. Daar was onmiddellik 'n aantrekkingskrag tussen hulle. Gedurende 2021 het die twee goeie vriende geraak, maar dit was teen die einde van 2022 wat dinge begin ernstig raak het. Toe Nandi as sy redaktrise aangekondig is, het die *power couple* geskiedenis gemaak.

**Waarom is jy so mal oor die Klofiekan?**
**Nandi:** Ek is mal oor hom, omdat hy die *weird and wonderful* idees en inisiatiewe van die Klofies vertel. Ons lewens is so mal en interessant. 'n Mens het net 'n geleentheid nodig om dit met mekaar te deel – 'n geleentheid om mekaar beter te verstaan.

**Beskryf julle verhouding in drie woorde.**
**Nandi:** *Genuine, resilient en higgledy-piggledy.*

**Hoe voel jy oor die feit dat julle binnekort gaan opbreek?**
**Nandi:** Eerstens, *ouch* … maar ek het geweet hierdie dag sal kom (ek doen nie langafstand nie). As ons nou eerlik is, hy is 'n bietjie van 'n *player* - hy gaan vinnig deur die meisies. Tog sal hy altyd my eerste liefde wees.

**Wat is die Klofiekan se mees irriterende eienskap?**
**Nandi:** Dat hy partykeer laat is, maar ek kan nie eintlik praat nie ...

**Enige wenke vir 'n verhouding?**
**Nandi:** Dit is 'n waardige eienskap om werklik te kan luister.
Kloof se harte breek oor hierdie paartjie se egskeiding, maar ongelukkig is dit maar wat gebeur as jy nie gewillig is om matriek vir jou kêrel te druip nie. Kloof sal hierdie paartjie vir ewig onthou.




*Klofiekan en Nandi*
*- Fotograaf: Anja Maranta -*

# Veldskool: verdriet of vakansie?

Mila Gous

Op Sondag 15 September vertrek 470 senuweeagtige gr. 9's vroeggoggend op die jaarlikse uitdagende gr. 9-veldskool na die Warthog-Inn-kampterrein net buite Brits.

Vroegoggend vertrek 470 senuweeagtige gr. 9's op een groot avontuur na die *Warthog-Inn-*kampterrein net buite Brits. Oom Marius en sy span het die groot taak aangepak om die stadsjapies behoorlik van die bosveld te leer.

Die woord "veldskool" word deur baie kinders gevrees en gaan gewoonlik met beelde van modder, stof, slegte kos en koue skottelgoedwater gepaard. Maar dié jaar se kamp het die teendeel bewys, en die gr. 9's het gewys dat hulle nie meer nat agter die ore is nie. Van die moddergate, *ziplines*, hindernisbane en boeresport tot die koue storte en kampkos, het die gr. 9's hul staal tydens die uitdagende aktiwiteite gewys. 'n Nagmars, lanternbekruip en geesvang het die aande propvol pret gemaak.

"Ons het so laag deur die moddergate gekruip dat die klippies amper jou longe geskraap het," sê Alex Oosthuizen. "Dit leer 'n mens om ander in ag te neem en dit ontwikkel leierseienskappe," sê hy.

Van die hoogtepunte is natuurlik die nuwe vriendskappe wat gevorm is. Die kamp was vir baie lewensveranderend en vir ander weer die grootste uitdaging van die jaar. Vele kinders het gesê dat hulle hul fone gemis het en dat hulle graag foto's van die mooi natuurskoon sou wou neem.

Dankie aan al die gr. 9-leerders wat deur dik en dun saamgestaan het en ook die personeel wat hierdie herinneringe onvergeetlik gemaak het. Die modder was toe morsig, die stof was tot nadenke, die skottelgoedwater nie koud nie en die kos was meestal lekker. (Die koshuiskinders noem wel dat geen kos beter as hulle plaaslike vyfsterrestaurant is nie.)

*"Showers Shhhhhhh!"*

- *Foto's verskaf* -







# Cute Couple

**'n *Rom-Com* liefde vanuit die silwerskerm.**

Mia Appelcryn

Amper 5 jaar, 59 maande en 1795 dae later het 'n verhouding wat in graad 8 begin het, net mooier en sterker geword. Mianca en Quinton het 'n verhouding waarna baie kan opkyk en hulle is 'n paartjie wat nog lank saam hul drome gaan nastreef.

**Hoe het julle storie saam begin?**
**Mianca:** Op ons Druppel-kamp het Quinton my met klippies gegooi om my aandag te trek en so het ons daardie tipiese *love-hate* verhouding begin. Ons was te bang om vir mekaar te sê hoe ons werklik voel.

**Waar sien julle julself oor vyf jaar?**
**Quinton:** Definitief besig om die wêreld plat te reis en herinneringe te maak wat 'n leeftyd sal hou.
**Mianca:** Verloof, besig om ons plaashuis te koop. Verder gaan ons ons lewe saam bou, terwyl ons(ek) ons droomtroue beplan.

**Wat is "julle" liedjie?**
*This town* van Niall Horan.

**Watter raad sal julle aan paartjies gee wat nou is waar julle vier jaar terug was?**
**Quinton:** Hou moed en veg konstant vir mekaar, deur dik en dun.
**Mianca:** Mense sê dat skoolverhoudings nooit lank hou nie, maar daar is altyd hoop as beide glo dat die ander een die pasmaat is.

**Hoe bring julle tyd saam deur?**
**Quinton:** Ons hou daarvan om saam *brownies* te bak.
**Mianca:** Om saam bordspeletjies te speel, al wen Quinton my elke keer.

**Wat is die mooiste herinnering wat julle van mekaar het?**
**Quinton:** Toe ons saam met vakansie by Ngwenya Lodge was en Mianca ure saam met my visgevang het, al weet ek sy is glad nie lief daarvoor nie.
**Mianca:** Wanneer Quinton sy motorfietse regmaak en my dan terselfdertyd van motorfietse leer. Hy laat my toe om te help, al het ek geen idee wat ons doen nie.

**Wat is die sleutel tot die sukses van julle verhouding?**
**Quinton:** Oop en eerlike kommunikasie is een van die belangrikste faktore.
**Mianca:** Om mekaar te respekteer en ten volle te vertrou. Om saam gelukkig te wees, eerder as om geluk op ander plekke te soek.


**Wat is julle gunstelingfliek of TV-reeks?**
**Quinton:** *Greece*.
**Mianca:** Die *Maze Runner*-reeks.

**Wat is die een ding van die hoërskool wat julle vir altyd sal onthou?**
**Quinton:** Mianca wat al my sportbyeenkomste bywoon en my grootste ondersteuner by elke liewe een was.
**Mianca:** Quinton wat elke periode saam met my klas toe stap, al is hy dan laat vir sy eie klas.

**Wat was die gelukkigste oomblik in julle verhouding?**
**Quinton:** Toe ek uit my koma wakkergeword het en die eerste gesig wat ek sien, Mianca se gesig was, terwyl sy my hand vashou.
**Mianca:** Na 'n groot rusie, toe ons eintlik vir mekaar baklei het. Ons het besef dat ons saam wil oud word en ons lewens saam wil aanpak. Net daar het ons besluit dat ons elke dag saam daarvoor sal veg.

**Noem een eienskap wat julle van mekaar koester.**
**Quinton:** Lojaliteit.
**Mianca:** Hulpvaardigheid. Quinton is altyd bereid om die ekstra myl vir my te stap.

Die twee se toekoms is helder en hulle kan nie wag om te sien waarheen die lewe hulle na hoërskool sal neem nie. Een ding is egter seker - wat ook al oor hulle pad kom, hulle sal dit saam aanpak.

*Quinton en Mianca*
- *Foto verskaf* -

## KLOFIE-PERSOONLIKHEID

# GJ Joubert

Casey Robertson

**Het jy 'n geheime talent?**
Ek kry dit reg dat alle honde van my hou en dan is ek binne minute hulle gunsteling.

**As jy deel van 'n realiteitsprogram kan wees, watter een sal dit wees?**
*Masterchef*, ek is mal daaroor om kos te maak, veral pasta. Ek maak 'n stoute spekpastatjie.

**Watter drie items sal jy saamneem as jy in 'n oorlog met jou gunsteling- TV-karakter gewikkel is?**
Toiletpapier (dit is altyd 'n nodige ding), 'n braaipan (dit is een ding wat Tangle my geleer het) en my foon (sodat ek my meisie kan bel).

**Watter grappie is vir jou die snaaksste?**
Ek ken so baie snaakse grappies, dit is moeilik om één te kies. Ek is 'n baie sarkastiese persoon en hou daarvan om met my pelle te spot.

**Wat is een van jou grootste verleenthede wat jy al in die publiek ervaar het?**
My graad 8-foto's.

**Watter nalatenskap wil jy vir die Klofies agterlaat?**
Ek wil hê almal moet onthou dit is nie 'n slegte ding om jou naam so nou en dan met 'n plank te slaan nie. Dit het veroorsaak dat ek baie goeie herinneringe het.

**Wat is jou beste bemarkingstrategie?**
Laat mense lag, want dan onthou hulle iets makliker of doen iets snaaks. 'n Goeie rympie het nog nooit teleurgestel nie. Maak dit moeilik om nie oor die geleentheid te praat nie en onthou: GOED, GOETER, BEMARKING.

**As jy ooit wegraak, waar is die eerste plek waar iemand jou moet soek?**
Mense sal maar sukkel om my op te spoor. Ek kan baie maklik met totale vreemdelinge gesels en sal maklik vir my 'n wegkruipplek in 'n vreemdeling se huis kry. As ek nie gekry wil word nie, sal jy my nie kry nie.

**Beskryf jouself in drie woorde.**
Moeilik, vreemd en gedrewe.




*GJ Joubert*
- *Foto verskaf* -

# Klofie gaan groot in HOLLYWOOD

Dieter Stehle

Jaden Schoeman is ‘n graad 11-leerling wat die ongelooflike geleentheid gehad het om aan ‘n groot uitvoerende kunstekompetisie in die VSA deel te neem.

Die pad na die stad van engele was nie ‘n maklike een nie. Jaden moes eers hier in Suid-Afrika aan verskeie streekskompetisies deelneem en presteer. Hy het na die nasionale kompetisie in Suid-Afrika deurgedring. Sy prestasie by die nasionale kompetisie het uiteindelik vir hom die kans gebied om aan die internasionale kompetisie deel te neem.

By die *World Championships of Performing Arts*-kompetisie wat vroeër vanjaar in Los Angeles Kalifornië plaasgevind het, het Jaiden drie brons medaljes met sy sangtalent verwerf. Jaden se stem is nie die enigste ding wat mense se asems wegslaan nie; sy talentvolle toneelspel is ook wêreldklas. Hy het ‘n somerkamp ter waarde van $1000 as prys gewen, asook ‘n *zoom*-oproep met die musiekvervaardiger Jeff Webber wat $2500 werd is. Laastens het hy ‘n gedeeltelike studiebeurs by die *New York Film Academy* verwerf wat hom 45% afslag van sy studiegelde sal gee as hy besluit om daar te gaan studeer.

Jaden sal graag weer oor ‘n paar jaar aan hierdie internasionale uitvoerende kunstekompetisie wil deelneem. Hy wil graag filmkunde studeer en daarna ‘n filmregisseur word. Sy raad aan diegene wat ‘n passie vir sang en toneelspel het, is om dit net te geniet. As jy ‘n passie het vir wat jy doen, is niks onmoontlik nie!



*Jaden Schoeman*
*- Foto verskaf -*

# Kloof se *rock band* laat die vonke spat

Kayla Strydom

As jy enigiets regtig graag wil hê, sal jy bereid wees om hard daarvoor te werk en al misluk jy, sal jy aanhou probeer.

‘n Paar Klofies het een dag ‘n blink idee gekry, naamlik om Kloof se eerste *rock band* te begin. Dr. Bosman het Vincent Plescia, JD Botha en Dawid Borchards se idee met ‘n breë glimlag ondersteun, maar ‘n paar blokkies van die legkaart was nog nie in plek nie. ‘n Baskitaarspeler was nodig. Na ‘n lang soektog is daar uiteindelik op Sam de Kock besluit. Hulle het ‘n ongelooflike afrigter, mnr. Waldo, wat hulle bystaan en ondersteun. Hy is baie talentvol en weet baie van elektriese kitare en was kinderlik opgewonde om betrokke te raak.

Vincent het in graad 7 begin drom speel en van toe af is hy gek daaroor. JD het in graad 6 gefassineerd geraak met kitare en het die jaar daarna leer kitaar speel. Dawid het van kleins af gedroom oor die lewe van ‘n beroemde kitaarspeler en het sy pa gesmeek om vir hom ‘n elektriese kitaar te koop. Om kitaar te speel, is vir hom ‘n manier om sy emosies uit te druk en homself te geniet.

Die *band* speel liedjies waarvan hulle hou en wat hulle dink hulle gehoor sal geniet. Vincent se musikale invloede kom van *Pierce the Veil en Bullet for my Valentine*. Hy is verlief op hulle musiek omdat dit vir hom soveel energie gee as hy daarna luister. Dawid word deur Zakk Wylde en *Dimebag* se musiek beïnvloed. Hy het ‘n paar tradisionele stukke en solo’s van ander kunstenaars aangeleer en kon daardeur sy eie unieke styl vind.

Voor ‘n optrede vorm hulle gewoonlik ‘n kring. Iemand sê dan: “Ons het dit. Onthou hoe ons geoefen het, ons sal die plek *rock*.” Dit motiveer die groep om hulself voor te berei vir die optrede wat voorlê. Die lekkerste is om musiek saam met die ander groepslede te maak. Musiek smee die seuns se vriendskapsband hegter en hulle voel soos een op die verhoog. Dit is vir hulle baie spesiaal om hulle musiek te kan deel.

Hulle optrede tydens die Affies Derby Interkultuuraand by Die Afrikaanse Hoër Seunskool, was die onvergeetlikste ervaring wat hulle tot dusver gehad het. Alhoewel dinge nie volgens plan verloop het nie, het hulle onder luide toejuiging die laaste note gespeel. Hierdie optrede het bewys dat hulle ‘n goeie span maak en dat hulle mekaar se belange op die hart dra. “Dit maak nie saak wat verkeerd gaan nie, ons sal ‘n plan maak,” sê Vincent.

Hulle het in September by die Pretoria Eisteddfod opgetree. Dit was ‘n groot projek waarna die groep vreeslik uitgesien het en hier het die seuns hulle harte uitgespeel en ‘n A+ verower!

Die groep droom daarvan om hulself as ‘n professionele *band* te vestig. Hulle wil graag voor die skool, by die Smulfees of die deurnagsokkie, optree. Hulle droom ook om hulle eie liedjies te skryf en om ‘n opname te maak. “As ons dit kan regkry, sal niks ons keer nie!”

Kloof staan bankvas agter hierdie musikante en kan nie wag vir die volgende note om ons te bekoor nie.



*Kloof Rock Band*
*- Fotograaf: Kayla Strydom -*

# Ligte, kamera, SPOG

Claudia van Wyk en Miné Naudé

Hierdie jaar se Spogaand het werklik die Klofies se talente onder die kollig geplaas. Dertien ongelooflike talentvolle matrieks het hul kreatiwiteit en passie vir toneel op die verhoog uitgebeeld.

Die Spogaand is een van Hoërskool Waterkloof se mees suksesvolle jaarlikse tradisies, waar die beste matriek-Dramaleerders hul gunstelingstukke opvoer om die vordering en ontwikkeling van hulle talente van graad 8 af ten toon te stel. Met die tema van surrealisme wat met behulp van die beligting en dekor fantasties uitgebeeld is, kan die graad 11-leerders, wat die aand gereël het, hulself op die skouer klop. Die misterieuse atmosfeer het die gehoor na ‘n ander wêreld weggevoer. ‘n Wêreld waar die gloeiende feetjieliggies en die vreemde musiek vir ‘n heerlike aand gesorg het. Dit was egter nie net die klank, dekor en beligting wat die aand so spesiaal gemaak het nie, maar ook die passie waarmee die deelnemers opgetree het.

Die matrieks het die definisie van Spog hernu, met die indrukwekkende variasie van genres en toneelstukke wat hulle aangepak het. Die skouspelagtige uittreksel van *Pride and Prejudice* deur Jesicca Uloneme en die abstrakte opvoering van Laureanne Geertsema se *Happy Days* was hoogtepunte van die aand. Anzel Oelofse en Lara Fouche se stuk, *The Dead Parrot*, het die gehoor laat skaterlag en trane is gestort toe Elmar Smit *Verander* op die verhoog begin opvoer.

Elke stuk het in sy eie reg die hartsnare van ouers, vriende en familie in die gehoor geroer. Die toewyding en passie van elke matriekleerder op die verhoog is ‘n inspirasie.

Die skitterende aand sou nie sonder die insette van die graad 11-leerders moontlik wees nie. Daar is egter een persoon waarsonder die sukses van die Spogaand werklik onmoontlik sal wees. Juf. Carla van Staden is ‘n vangnet, ‘n mamma en ‘n vrou van staal wat altyd ‘n plan B, C of D uit haar sak kan ruk. Agter elke suksesvolle Dramafunksie staan juf. Carla met haar sagte hart en hande wat vir niks verkeerd staan nie.

Die aand kan in twee woorde opgesom word: Werklik Wêreldklas. Die kultuurdiere in Waterkloof weet duidelik hoe om van die talentvolle matrieks van 2024 afskeid te neem. Hulle mag maar met hulle talente SPOG.



*Spog 2024*
*- Fotograaf: Danielle van Niekerk -*

# Drie skoonmakers: die heldedade tydens elke skooldag

Jani Strydom en Kayla Borstlap

Elke skool het ongesiene individue wie se toewyding en harde werk die dryfkrag agter die sukses van die skool is. Josephina Molobi, Maria Mabhena en Anna Macheke is die vriendelike dames wat agter die morsjorse in Hoërskool Waterkloof skoonmaak. Hetsy in die Dansakademie, die Innovasiesentrum, musieklokale of badkamers, sorg hierdie dames dat elke oppervlakte blink gepoets is.

Josephina het lank terug in Beeld oor die spoggerige skool met sy 100%-slaagsyfer gelees. Daar en dan het sy besluit dat sy ook 'n aandeel in die sukses van die Klofies wil hê. 15 Februarie 2017 was haar eerste dag by Kloof en van toe af pomp haar bloed blou. Só is 'n hegte drie-lid-span gevorm, met Maria wat kort voor haar in 2016 by die skool aangesluit het en Anna wat vanjaar 11 trotse jare by Kloof vier.

Van grapjas Josephina wat graag dans, Maria wat graag netbal speel tot Anna wat na Christelike musiek luister, woeker die dames met hulle talente. Nóú pak hulle hul daaglikse take met 'n glimlag aan, want op die manier kan hulle "die beste vir ons kinders sorg". Hulle put hul krag daagliks uit die Bybel wat hul motiveer en inspireer om 'n verskil in die Klofies se lewens te maak.

**"Josephina, Maria en Anna, Kloof salueer julle!"**

Hulle drome en verbeelding het reeds van jongs af vrye teuels gehad en hulle het gedroom om eendag (as hul groot is) dokters of prokureurs te word. Dinge het nie altyd volgens plan verloop nie, maar die dames is dolgelukkig dat elkeen van hulle se paadjie na Waterkloof gelei het.

Volgens hulle is geduld die belangrikste eienskap vir hul beroep. Sou die leerders en die onderwysers teen mekaar kompeteer oor wie die vriendelikste in Kloof is, sou die leerders, volgens dié dames, loshande met die titel gekroon word.

Douvoordag is Josephina, Maria en Anna uit die vere, met wekkers wat reeds om 3:00 lui sodat hulle 'n taxi kan haal om betyds by die werk te wees. Vir hulle is dit glad nie te veel gevra nie, want "die Klofies is net 'n plesier om mee te werk". Hulle som die leerders in 'n neutedop met die woorde "liefde" en "respek" op. Hul grootste wens is dat die Klofies net so hardwerkend en vriendelik sal bly soos hulle is.

Kloof het drie bekwame dames wat sorg dat dié wêreldklasskool, wêreldklas bly. Josephina, Maria en Anna, Kloof salueer julle!



*Maria Mabhena, Josephina Molobi en Anna Macheke*
*- Fotograaf: Marlette Krüger -*

## *2000's Nostalgie playlist*

Cara Grebe

Geniet die terugflits na die tyd van Britney Spears en High School Musical.

# Musiekresensie

Anja Maranta en Danielle van Niekerk

## *Die sosio-ekonomiese invloed van die "Smullas" op die Klofies se ore*

Jy bevind jouself in die Wiskunde Geletterdheidsklas gedurende die pre-Smulfeestydperk. Die hele klas sug en rol hul oë, terwyl Appel se Heito Potato vir die sewe miljoenste keer regdeur die skool uitgesaai word. Altans… was dit Heito Potato? 'n Mens kon dit nie regtig uitmaak tussen die gekraak van die interkom nie. Wat ons wél geweet het, was dat dit tyd vir die Smullas-bemarking was. Hierdie oorredende bemarking het 'n ekonomiese toename in die Smulfeeskaartjieverkope veroorsaak. Die gedreun van Ricus Nel se stem oor die interkom was nie genoeg vir die Klofies nie; hulle ore het daarna gesmag om dit in lewende lywe te ervaar.

Die aand het met Kloof se eie band afgeskop wat deur Minnie Siluma en Janhé Thomas gelei is. Hierdie groep het gedurende die pre-Smulfeestydperk 'n groot sosiale invloed op die Klofies gehad toe hulle smiddags die Klofies met hul Smullas-gees opgekikker het. Daardie aand het hulle optrede beslis gedien as 'n heerlike voorgereg vir wat die aand sou inhou.

Eerste op die spyskaart was Eloff. Hy het met sy 2012-Justin Bieber-haarstyl en spierwit tande op die verhoog gestap. Eloff se goue stem het die gehoor uit hul sitplekke laat vlieg en op vlerke geneem. Die paartjies het hard aan die sokkie gegaan vir een van sy gratis Lof-hoedjies. Hy het die Koue Kole warm gesing met sy treffers Johnnie Blou, ATKV (Abnormale Tande Karnivoor Visse) en Witblits.

Die gees was groot … en die potte ook. Die aand se aankondiger, mnr. Muller, het die gehoor met sy danspassies tussen die verrigtinge deur, laat ontspan. Dit het beslis tot die aand se opwinding bygedra. Die opwinding het toegeneem toe Ricus Nel die verhoog betree. Die gehoor het hul plekke op die dansvloere ingeneem en hulle het gedans dat die stof staan. Vir die manne was dit 'n voorreg om 'n hardekool te kan deel saam met Ricus Nel, want almal like mos van 'n Boerepompie. Kloof se ore is positief beïnvloed.

Vir nagereg het die Klofies aan Appel gesmul, wat die Klofies aangedaan gemaak het met sy opregte boodskap. Hy het sy verhaal van toe hy verlam geraak het, gedeel en die Klofies herinner dat jy jou geliefdes moet waardeer. Heito Potato het beslis beter in lewende lywe as oor die interkom geklink. Die skool het geen Foute gemaak om vir Appel na die Smulfees te nooi nie. Nonna, nonna ons was baie treurig toe ons huis toe moes gaan, maar dit kom maar na die heerlike aand.

Deur na die sosio-ekonomiese invloed van die optredes te kyk, kan daar afgelei word dat die Smulfees 'n positiewe effek op die Klofies se ore gehad het. Die donkielong het Kloof gebyt!



# TV-resensie

Anja Maranta

## *The Horse in Motion* (1878) – 'n Deftige galop in die geskiedenis van rolprente

Kom ons wees eerlik – *The Horse in Motion* is geen Oscar-aanspraakmaker nie. Daar is geen ingewikkelde intrigekinkels, geen groot stelontwerpe en geen skerp dialoog nie. Die storie? 'n Perd hardloop. Hardloop hy goed? Sekerlik. Die kinematografie, alhoewel 'n baanbreker in sy tyd, staan nie 'n perd se kans in vandag se industrie nie. So, waarom is hierdie film so relevant?


Die film *The Horse in Motion* kan as die heel eerste film wat ooit vervaardig is, beskou word. Hierdie film beklee 'n spesiale plek in die geskiedenis van rolprente, nie net vir wat dit wys nie, maar vir wat dit verteenwoordig: die geboorte van rolprente. Hierdie kort reeks beelde met Eadweard Muybridge as regisseur, was nooit bedoel om 'n "film" in die moderne sin van die woord te wees nie, maar dit word sedertdien gevier as een van die vroegste voorbeelde van aangetekende beweging.

In die 1870's is fotograaf, Eadweard Muybridge, deur Leland Stanford, 'n voormalige goewerneur van Kalifornië, gehuur om 'n taamlik vreemde debat te besleg. Stanford wou weet of al vier hoewe die grond op dieselfde tyd verlaat wanneer 'n perd galop. As gevolg van nuuskierigheid, het Stanford Muybridge die projek gefinansier om hierdie raaisel op film vas te vang. Muybridge het 'n reeks van 12 kameras langs 'n baan opgestel, toegerus om foto's te neem, terwyl die perd verbygedraf het. Die beelde is noukeurig ontleed en saamgespan in 'n reeks, wat die wêreld sy eerste aangetekende bewegende beeld verskaf het: 'n perd wat inderdaad al vier hoewe gelyktydig van die grond af lig. Muybridge het nie net die vraag beantwoord nie, maar het ook die grondslag vir rolprenttegnologie gelê.

*The Horse in Motion* is 'n meesterstuk van eenvoudige en minimalistiese triomf. Hierdie film vra jou om die klein dingetjies in ag te neem. Aan die einde van hierdie 1,5 sekonde reis, sal jy nooit weer op dieselfde manier na perdebene kyk nie. As die eerste rolprent ooit, verdien dit 'n staande applous vir innovasie.

Dit is 'n wonderlike film om te kyk as jy in interessante geskiedkundige feite belangstel of net regtig van perde hou.

Maar as 'n stukkie vermaak? Wel … gaan kyk dalk eerder die nuwe Joker-film.



# Koshuishoofleiers 2025:
## Sera Janse van Rensburg en Krige Steyn

Elimay le Roux

Met die koshuistema vir die komende jaar "Honderde stemme, een lied," wil hierdie uitmuntende leiers die gemeenskap binne die skoolkoshuis versterk deur samewerking en eenheid te bevorder. Hulle beoog om elke leerder se unieke bydrae te waardeer en te gebruik in 'n familieprojek wat nie net hulle diversiteit vier nie, maar ook samehorigheid en trots. Hulle wedersydse liefde vir Huis Kloofsig sal die hoofbestanddeel wees om baie hoogtes te bereik.

**Wat is julle lewensleuses?**
**Sera:** *If it's meant to be, it will be.* Moet nooit iets forseer nie. As dit nie op jou pad gesit word nie, is dit nie veronderstel om deel van jou storie te wees nie.
**Krige:** *That's life.*

**Wat is julle doelwitte vir die koshuis in 2025?**
**Sera:** Ek wil meer eenheid in die koshuis vorm, sodat ons as 'n span meer kan doen en bereik. Ek wil die koshuis 'n plek maak waar die kinders graag wil bly.
**Krige:** Ek dink die vorige hoofleiers het goeie werk gedoen om 'n eenheid onder ons te bewerkstellig. Ek sal probeer om die koshuis meer betrokke by die gemeenskap te kry deur middel van liefdadigheidsprojekte, ensovoorts.

**Wat is vir jou die beste deel van die koshuis?**
**Sera:** Wanneer ek 'n slegte dag gehad het, gaan ek in die middag terug met die wete dat iemand my dag sal beter maak. Jy is in 'n omgewing saam met mense wat jy kan vertrou.
**Krige:** Vir my is die beste deel van die koshuis om omring te word met mense wat deur dieselfde situasies as jy werk. Dis 'n plek waar 'n mens veilig voel om jouself te wees. Nog iets wat vir my baie mooi is, is om in die aande saam te kom vir Bybelstudie en 'n verhouding van broederskap te bou met mense wat 'n paar maande terug vreemdelinge was.

**Waarna sien julle uit as julle naweke huis toe gaan?**
**Sera:** Ek sien die meeste daarna uit om my worshond, Lulu, te sien.
**Krige:** Ek sien daarna uit om 'n bietjie te ontspan, die roetine te verbreek en tyd met familie en vriende deur te bring.

**Wat is julle gunstelinggereg op die koshuis se spyskaart?**
**Sera:** Pap en sous met varktjoppies en peppermint crisp-tert vir nagereg.
**Krige:** Oom Davie se pampoenballetjies.

**Wat doen julle in julle vrye tyd?**
**Sera:** Ek probeer leer om gholf te speel.
**Krige:** Ek probeer dikwels 'n kuur vir kanker vind, #amperdaar.

**Wat is julle hoofprioriteit ten opsigte van die Wolkies (Druppels) van 2025?**
**Sera:** Om hulle te leer dat respek verdien word en dat dit die eerste ding is wat hulle sal moet leer as hulle 'n sterk groep wil wees.
**Krige:** Om 'n plek te bied waar hulle voel hulle behoort en waar hulle veilig voel. Ek wil ook graag die gevoel van trots by hulle tuisbring.

**Wat sal julle graag vir die huidige inwoners van die koshuis wil sê?**
**Sera:** Ek het 'n rukkie terug Bybelstudie saam met die meisies van Stratus gedoen en die volgende woorde het my bygebly: "As jy voel jy verdrink, onthou jou Lewensredder loop op die water."
**Krige:** Die Here gebruik gebroke mense, soos ek en jy, om gebroke mense, soos ek en jy, te red.


Krige Steyn en Sera Janse van Rensburg
- Foto verskaf -

# Nuwe hoofleiers bou met trots op oeroue tradisies

Simoné de Leeuw

Op 15 Julie 2024 is Waterkloof se nuwe hoofleiers vir 2025 aangekondig en so begin 'n nuwe avontuur vir die 16 Klofie-leerders. Na 'n interessante en gebeurtenisvolle Klofieraadskamp kon die Klofieraad self stem vir die hoofleiers en Kloof staan bankvas agter hul keuses. Met 'n wêreldklas Klofieraad gegrond in tradisie en geloof weet ons dat Hoërskool Waterkloof gaan floreer en presteer op elke vlak.

**REUBEN BLIGNAUT**

**Hoekom het julle die tema "Trots in Tradisie" gekies?**
Dit was 'n groepsbesluit. Ons almal het unieke idees uitgedink wat moontlik ons tema vir volgende jaar kon wees. Iemand het toe met die idee "Trots in Tradisie" gekom en ons het gedink dit sal toepaslik wees vir die jaar wat vir ons voorlê.

**Watter nuwe tradisies wil jy ten opsigte van die seuns in Hoërskool Waterkloof implementeer?**
Ons het reeds 'n Bybelstudie-groep met die graad 11-seuns begin wat elke Woensdag gedurende pouse plaasvind. Dit is dié tipe tradisies wat ek wil implementeer waar ons as seuns bymekaar kan kom en die Here se naam kan verheerlik.

**Watter raad het jy vir die Druppels van 2025?**
Leef voluit en raak betrokke.

**Wat is jou gunstelingplek op die skoolterrein?**
Klaskamer T3B, want dit is die produktiefste Besigheidsklas op die skoolterrein.

**Watter raad sal jy aan die skool in moeilike tye gee?**
Beskerm jou vriende. Doen aan ander wat jy aan jouself gedoen wil hê en wees versigtig wat jy kies om te sê en kies om te glo.

**JENILEE VAN DER WESTHUIZEN**

**Jenilee, hoe het jy gevoel toe jy hoor jy is hoofdogter van Hoërskool Waterkloof?**
Ek kon dit nie glo nie! Ek het dit glad nie verwag nie en soms voel dit steeds vir my soos 'n droom. Ek is baie opgewonde oor die jaar wat voorlê.

**Wat was jou eerste gedagte toe jy besef jy het die voorreg om 'n hoofleier te wees?**
Ek het besef dat ek nou die geleentheid het om 'n verskil in mense se lewens te maak en dat ek dit moet aangryp.

**Wat wil jy graag vir die Klofies leer?**
Ek wil graag vir Kloof van die Here se liefde leer. Hy is altyd daar wanneer jy Hom nodig het. Jy moet net in Hom glo en vertrou.

**Wat wil die Klofieraad van 2025 anders doen as vorige jare se groepe?**
Ons wil graag meer by die skool betrokke raak. Ons wil die skool deel maak van ons projekte, wense en sienings.

**Hoe gaan julle die Klofieraad tydens moeilike tye motiveer wanneer hulle in hulself begin twyfel?**
Ons sal hulle herinner dat hulle verdien om hier te wees en dat hulle baie hard gewerk het om te kom tot waar hulle nou is. Hulle moet elke geleentheid aangryp, want daar is baie mense wat nooit die voorreg sal hê om die geleenthede te kry wat ons kry nie.


Reuben Blignaut en Jenilee van der Westhuizen
- Fotograaf: Jack Brevis -



- Fotograwe: Juandré le Roux, Dané Naudé, Elsmari Kuperus, Megan du Toit -

# Hoor tieners "JA" as jy "NEE" sê?

## Moenie hierdie berig lees as jy meer wil uitvind oor omkeersielkunde, beter bekend as *reverse psychology* of psigologiese reaktansie nie.

Claudia van Wyk, Jani Strydom, Riané Muller, Elimay le Roux

Dink net: jy het een Saterdagoggend opgestaan en gevoel jy is lus om jou deurmekaar kamer uit te sorteer, maar op dié presiese oomblik loer jou ma om die deurkosyn en sê streng: "Boetie, dalk moet jy vandag 'n bietjie jou kamer skoonmaak. Jy wil nie in 'n varkhok slaap nie!" *WHOOP*! Daar verdwyn al jou motivering soos sjokoladekoek by 'n partytjie en jy sal letterlik enigiets doen, behalwe om jou kamer reg te pak.

**Hoekom gebeur dit?**

Volgens Jack W. Brehm, die uitvinder van die reaktansie-teorie en een van die wêreld se mees invloedryke motiveringsielkundiges, is reaktansie die motivering om vryheid of beheer oor 'n situasie te herwin nadat dit verlore gegaan het. Dit lei dikwels daartoe dat mense die invloede van gesagstrukture of reëls ondermyn.

'n Oorredingstaktiek wat gebruik word, om iemand te manipuleer om iets te doen, word dikwels met omkeersielkunde verwar. Die idee is om te druk vir die teenoorgestelde as wat jy wil hê. Die persoon onder druk sal dan kies om die gedrag te openbaar wat jy eintlik verkies.

Volgens kliniese sielkundige, Franchelle Heiberg, streef tieners na vryheid en selfstandigheid en ontdek hulle die woord, HOEKOM? "Hoekom mag ek nie uitgaan nie?" of "Hoekom moet ek die skottelgoed was?" Sy sê die idee dat jy kan besluit hoe jy optree en wanneer jy gehoorsaam is, gee vir tieners 'n gevoel van beheer wat hulle nie altyd op ander terreine van hul lewens ervaar nie.

Ouers gebruik omkeersielkunde om tieners te kry om na hulle raad te luister of om aan hulle versoeke te voldoen. Daar is 'n fyn lyn tussen manipulasie en omkeersielkunde. Volgens Franchelle lê die verskil in wat jou doel is. Wanneer jy iemand manipuleer, beteken dit dat jy sy/haar gedrag beïnvloed om jouself te bevoordeel. Omkeersielkunde daarenteen beteken dat jy iemand se gedrag vir sy/haar eie beswil, beïnvloed.

Wanneer outoriteitsfigure vir ons instruksies gee, voel ons hoe ons vryheid ingeperk word en wil ons op 'n negatiewe manier reageer, wat ons vryheid sal verseker. Ouers of vriende kan in so 'n geval omkeersielkunde gebruik om die illusie van vryheid van keuse te skep of hulle kan 'n direkte aanslag kies. Wanneer daar vertroue en 'n verstandhouding tussen die twee partye is, is 'n direkte aanslag die effektiefste en sal omkeersielkunde die verhouding skade doen. As die verhouding van so 'n aard is dat konflik maklik ontstaan, is omkeersielkunde die regte opsie vir jou.

Tieners is kompleks en hulle gedrag of buie maak baie keer nie sin nie. Dit is ouers se taak om die beste manier te vind om hul tieners teen die gevare van die lewe te beskerm. Terselfdertyd moet tieners toegelaat word om foute te maak en daaruit te leer. Omkeersielkunde het beslis al tot iemand se redding gekom. Kom ons kyk na voor- en nadele van omkeersielkunde.


**Voordele:**

- Dit kan ouers help om hul kinders te beïnvloed, sodat hulle besluite neem wat in hulle beste belang is.
- Onderwysers kan tieners beïnvloed om hul huiswerk te doen deur te sê dat die huiswerk bo hul vuurmaakplek is en dat hulle dit nie sal kan doen nie. Omdat dit in tieners se aard is om te rebelleer, sal hulle die huiswerk doen net om die onderwyser verkeerd te bewys.
- Tieners kan selfs omkeersielkunde met hulle vriende gebruik om hul negatiewe aksies aan te spreek, sonder om konflik te veroorsaak.

**Nadele:**

- Dit kan veroorsaak dat mense se vertroue in mekaar verbreek word.
- Dit kan kommunikasie in verhoudings verswak.
- Dit kan tieners laat voel dat hulle nie 'n sê in besluite het nie.
- Dit kan tot aggressie en angs lei.

Het jy al ooit 'n vriend gehad wat geneig is om jou keuses af te skiet? Hulle is dalk meer geneig tot reaktansie, maar omkeersielkunde kan jou toelaat om daardie reaktansie tot jou guns te gebruik. Kom ons sê byvoorbeeld jy wil fliek A sien, maar jy is bekommerd dat as jy dit voorstel, jou vriend fliek B wil sien. So, jy stel fliek B voor. Jou vriend sal dalk reaktansie toon en fliek A kies (die fliek van jou keuse) terwyl hy glo dat dit sy keuse was.




Daar is baie interessante statistiek oor reaktansie en omkeersielkunde:


In 2015 het die Van Petegem-laboratorium by UBC 'n studie gedoen oor hoe ouerskapstyle 'n invloed op tiener rebelsheid het. Meer as 200 tieners is hipotetiese situasies gegee waarin hulle ouers hul versoek het om harder te studeer. Hierdie versoek is óf in 'n beherende, neutrale óf ondersteunende styl oorgedra. Resultate het bewys dat wanneer versoeke op 'n beherende wyse gerig is, tieners meer frustrasie, druk en reaktansie ervaar. Gevolglik het hulle die teenoorgestelde gedoen as wat gevra is.

Tydens 'n studie uitgevoer deur Kevin M. P. Woller, Walter C. Buboltz en James M. Loveland is daar bevind dat jonger persone hoër reaktansie as middeljariges toon. Brehm bevestig dit, want ouer mense is meer voorbereid daarop om reaktansie te hanteer. Hulle is meer gemaklik daarmee om hulle persoonlike vryheid uit te oefen.

Daar is ook bevind dat mans hoër gedrags- en verbale reaktansietellings as vroue het. Vroue is dalk minder selfgeldend as hul manlike eweknieë en is minder geneig om hul persoonlike vryhede te hervestig, vertel R. A. Lippa.

Die Klofiekan het 'n vraelys uitgestuur om die Klofies se opinies en ervarings met omkeersielkunde te kry. Dit is duidelik dat tieners meer geneig is tot psigologiese reaktansie terwyl hulle ouer word, want hulle heg meer waarde aan hulle vryheid en wil besluite vir hulself maak.

As jy na die tyd agterkom dat iemand *reverse psychology* op jou gebruik het,hoe laat dit jou voel?




Bronne:
https://thedecisionlab.com/reference-guide/psychology/reactance-theory
https://pubmed.ncbi.nlm.nih.gov/17444358/
https://onlinelibrary.wiley.com/doi/abs/10.1111/jcom.12134
https://www.researchgate.net/publication/6385110_Psychological_reactance_Examination_across_age_ethnicity_and_gender
https://study.com/academy/lesson/psychological-reactance-theory.html#:~:text=An%20example%20of%20psychological%20reactance%20is%20a%20child%20eating%20as,are%20seeking%20to%20protect%20it.

# Gr. 10 bal























- Fotograaf: Carla van Standen -


















# Matriekafskeid 2024










- Fotograaf: Miracles Photography -







# Kreatiewe Skryfwerk

**Ons publiseer graag drie opstelle wat die afgelope jaar onder eksamenomstandighede deur drie van ons graad 12-leerders geskryf is:**

## *FRIENDS*

**Lize Erasmus - Grade 12**

A week has gone by since the accident took place.

We were driving home from the movies last Saturday night. A chirpy song was playing on the radio. The cool evening breeze traced over my skin like angel breath. Peace washed over me as I relaxed in the presence of my friends. Kyle's long pianist fingers were wrapped around the steering wheel, and Anna was humming along joyfully to the tune that danced its way through the car. My mind was at ease and my thoughts were filled with a cloudy calmness, until the sudden thunderous roar of a monstrous engine wrenched me out of my daze… glaring headlights had me paralysed with fear!

A shrill cry of terror escaped Anna's lips. Kyle desperately yanked the steering wheel. The tyres shrieked against the gravel, but it was to no avail, for the truck still smashed into our tiny car.

The whole world turned upside down as we flipped. With each pull of gravity, we hit the tar harder, and the night became darker.

Black dots started staining my vision. The cacophony of panicked screams and wailing sirens turned into a dull buzz. I knew what was happening… but I was content, in a state of peaceful happiness as I watched them get pulled from the wreck. They were strapped onto stretchers…my friends were alive!

Muffled sobs echoed through the church as the choir started singing the requiem. The wooden door cracked open. I watched their parents help them in…Kyle with his broken arm and neck brace. Anna with her bruised face and shattered ankle. Teary eyes stared at my dear friends, battered and broken, as they made their way towards my mother in the front row.

Silence blanketed the church when the priest took his place to commence my funeral.

## By die plaashuis is ek tuis

**Jani Strydom - Graad 12**

Die verlange was 'n dik kombers wat vlak oor my gelê het. Elke aand in my koshuisbed het die plaas my teruggeroep.

Die roompoffertjies en Engelse tee het hulle glans verloor en my hart het na rooibostee en ouma se koeksisters gesmag. Die dae wanneer ek op my fiets die strate van Oxford verken het, was nie so kosbaar soos die trekkerritte saam met my pa nie. Die laataande se uitgaan en kuier het nooit die plek van boeresport saam met vriende en swem in die plaasdam vervang nie.


Die oomblik wat my voete die grondpad aanraak en die afgeleë plaashuis in die verte sigbaar begin word, word ek oorval met 'n diep gevoel van rustigheid. Ek weet, sonder twyfel, ek is tuis. Hier, waar die stof met die wind dans en die son haar lieflike strale oor die landskap uitgooi, is waar my wortels gevestig is. Die reuk van die aarde en die geure van fynbos en veldblomme dring diep deur my en wek 'n nostalgiese vreugde op wat ek slegs hier, op die plaas, kan vind.

Wanneer ek die sagte knars van die gruis onder my skoene hoor, hoor ek die eggo van my oupa se stem wat stories om 'n gesellige kampvuur vertel. Wanneer ek die hoenderhok agter die plaashuis sien, word ek onmiddellik met die soetste herinneringe van my kinderdae oorval. Van eiers gaan haal vir mamma se omelette, tot hardloop met die wind in my hare en die wêreld voor my uitgestrek. Dit was die dae toe ek sorgvry deur die lewe kon wandel en elke stofpad my speelgrond kon maak.

Die plaashek wat voor my staan, is nie groot en ondeurdringbaar soos Goliat nie, maar vriendelik soos 'n pa wat met ope arms sy verlore kind terug huis toe lei. Terwyl ek die hek oopstoot, voel ek die gewig van die stad van my skouers afgly. Skarnallie, ons ou Jack Russell, groet my met 'n stertswaai en 'n vrolike blaf. Tree vir tree trap ek in die voetspore van my voorouers. Ek voel hulle teenwoordigheid in die fluistering van die wind en die ritseling van die koringare. Hier is waar my mense geploeg en gesweet het, maar ook 'n erfenis van liefde vir mekaar, vir die natuur en vir God agtergelaat het.

Die son begin sy afdraai maak en die lug verkleur na skakerings van oranje en pienk. Ek staan op die heuwel en kyk na die uitgestrekte land voor my. Dit is 'n skouspel van eindelose skoonheid, 'n uitbeelding van ware saligheid en 'n bewys van generasies se harde werk en vasberadenheid.

Ek weet met sekerheid – die plaas is waar ek behoort.



## *Storm clouds are gathering*

**Jancke Marais - Grade 12**

She used to be like the ocean – possessing a compassion that flowed to others as freely as the tides. She used to be like the wind – free-spirited and unbound. She used to be like the stars – displaying an ethereal glow. She used to be my peace, my joy and my light. She used to be, but the turbulent waters that she faced while growing up tested her resilience against the currents of adversity, and now? Well, she is gone now.

Abby always had a gentle soul, with a spirit as vast as the ocean, yet as fragile as the waves that crashed upon the shore. We became best friends in grade four and even though she was bullied ceaselessly for being 'overweight' she never fixated her thoughts on other people's demeaning opinions about her physical appearance. Besides, in my eyes she held the ocean's serenity, the wind's excitement and the star's glistening light inside her. But sadly, that only lasted until her weight turned into her identity and her biggest shackle.

'Flabby Abby' became the phrase that resonated throughout her youth, battering her fragile confidence. It left scars that ran deeper than the surface and that followed her wherever she went, shaping her distorted perception of herself and the world surrounding her.

As Abby's emotional war of acceptance intensified during high school. The ocean within her, once a source of boundless strength, started churning with uncertainty, despair and rage. Waves of self-doubt crashed relentlessly upon the shore of her consciousness, eroding her pillars of resistance with each passing day. She started losing hope in life, losing faith in humanity and losing herself in the opinions of all the rugby boys - who always had something to say about her so-called 'butterball' body.

The wind, once a gentle breeze that carried the whispers of hope, started howling with the ferocity of condemnation – tearing at the fragile fabric of her being whenever she was reminded of the inferiority of her body that always deviated from the narrow confines of conventional beauty. The stars, that once lit a pathway into the vast expanse of her inner cosmos started dimming under the weight of her despair, obscured by storm clouds gathering overhead.

In society's eyes, Abby was nothing more than the sum of her perceived flaws. Her worth was measured by the number on the scale, rather than the depth of her character. But beneath the surface, beyond the reach of judgemental eyes, I knew that her spirit was as vast and untamed as the ocean itself – yearning to be unleashed again.

## My unieke storie

**Anrich van Dyk - Graad 12**

Daar is oomblikke in 'n mens se lewe wat jy nooit sal vergeet nie. Dit is oomblikke wat jy altyd sal herken en herleef as deel van jou unieke storie.

Dis Kersfeestyd en ons gesin is op pad na ons strandhuis in Stilbaai. Soos gewoonlik is daar vir weke vooraf gebak, gebrou en gevries en die bekende reuk van varsgebakte brood, lamsboud en pampoenkoekies vul die hele huis. Ek verbeel my ek kan sommer hoor hoe die kostafel kreun.

In die klein gemeente op die dorp is dit tradisie om op Kersoggend ook Nagmaal te bedien en ons waag dit kerk toe. Ons skuif nog in, toe trek klein Chris aan ma se rok. ''Mamma, hier sit die oom vir wie Mamma wil wakker klap!" sê hy opgewonde. Almal kyk soos meerkatte om en ek bid dat Jona se walvis my moet insluk. My sussie veroer nie 'n spier nie. Ek bekyk haar stywe, dun lippies: dit laat my aan twee uitveërs, op soek na 'n spelfout, dink.

Ou Dominee preek oor liefde en vergifnis en vir die eerste keer slaap al vyf ons Fillistyne op een slag ... tot die brood kom. Ek dink klein Chris kan kos in sy slaap ruik. Dié is altyd honger. Met die broodbordjie in die een hand en die ander een om Chris se gewrig, forseer Ma sy hand (vol broodjies) terug in die bord. "Maar ek is honger!" kerm hy terwyl Ma angstig 'n koekie uit haar handsak opdiep. Ek voel hoe die walvis my voor Dominee en die gemeente uitspoeg. Ma sit soos 'n soutpilaar en kyk stip voor haar uit. Net haar mondhoek aan Chris se kant beweeg en ek verbeel my ek hoor iets soos "doodslaan by die huis", maar ek kan verkeerd wees.

Chris kou tevrede aan sy koekie ... tot die wyn bedien word. "Wat is daardie, Pappa?" vra hy nuuskierig. Pa probeer so sag as moontlik verduidelik dat dit wyn is. "Is nie, dis brandewyn!" kondig Chris aan. Die bank agter ons begin ruk. Ek verbeel my ek voel sproei teen my nek. Om tegelyk wyn te sluk en jou lag in te hou, is nie maklik nie. Toe Chris vra: "Gaan Pappa hom skoon vat?" val die mure van Jerigo op my.

Ou Dominee kyk in ons rigting. Hy het alles gesien en verstaan ons verleentheid. "Ek weet julle is nou in die versoeking om die sewende gebod te oortree, maar jy mag nie doodslaan nie," sê hy in sy unieke stem. Die gemeente bars uit van die lag.


Ek kyk na Dominee en die mense rondom my en besef dat ons, in die broosheid van Kersfees, eintlik net ons mense soek. Ek het niks meer nodig nie. My unieke familie maak my storie uniek, al sluit dit 'n paar verleenthede en komiese oomblikke in.

# Mnr. Martins: ‘n Huldeblyk aan ‘n formidabele grondlegger

Laureanne Geertsema

“Ons Bou in Geloof”. Woorde wat oor amper 45 jaar strek. Woorde vol heimwee, belofte, groei en trotse tradisie. Woorde wat op 2 Januarie 1980 nuut, opgewonde en vol eerbied oor die kaal rugbyvelde geklink het. Woorde wat ‘n gemeenskap laat opskiet en gedy het - deur en in die geloof. Woorde wat deurgebreek het in beide die goeie én die uitdagende tye wat Kloof se fondasies net sterker gemaak het. En agter dié woorde … ’n man wat ‘n barshou kon kyk.

Op 2 Januarie 1980 is mnr. Pieter Van der Merwe Martins as eerste permanente hoof van Hoërskool Waterkloof aangestel. ‘n Man wat respek gehad het vir die 403 leerders en die 22 personeellede wat ‘n baken in Pretoria neergelê het. ‘n Man wat wyd, deur dieselfde leerders en personeel, gerespekteer is. “Ons Bou in Geloof”. Die woorde het kleur en klank bygekry en die skoollied (wat deur die jare aanpassings van sy oorspronklike toonsetting ondergaan het) se woorde is deur prof. S.J. Pretorius van Unisa goedgekeur, met die toonsetting deur prof. Bernard S. van der Linde. Mnr. Martins het egter nie gewag dat die betekenis van ons skoollied sy gang gaan nie. “Bou” het sommer vinnig afgeskop met die alombekende fondsinsamelings waarsonder geen skool uitnemend kan




wees nie. ‘n Skoolkermis is onder sy bekwame leiding gehou met ‘n enorme wins van R8 404-00 … amper onmoontlik in 1980! Die begin van ‘n uitnemende skool, het vorm aangeneem deur ‘n paar hande wat kon raakvat. In 1984 skud daardie paar raakvathande dié van die nuutverkose hoofdogter – Ulinda Gresse. Die Klofies ken haar nou as juf. Ulinda Human, want as ‘n mens eenmaal ‘n Klofie is, is jy altyd ‘n Klofie!

In 1987 is die fondamente reeds sterk gelê. Mnr. Martins het die skool opgebou na ‘n personeeltal van 81, en 1 646 leerders het in die gange geloop, terwyl die atlete vir die eerste (van herhaaldelike kere) die A-Bond-Atletiekinterhoër wen. Na agt jaar by Kloof, sluit hy sy joernaal met dié woorde af: *“Waar ek vandag finaal afskeid neem as hoof van die skool, het ek groot dank en waardering vir ‘n skool met besondere leerlinge, die mees toegewyde en entoesiastiese personeel wat ek ooit mee saamgewerk het en ‘n ouergemeenskap wat in alle opsigte lojaal aan die skool, die personeel en die hoof was.”* **Hy laat diep spore agter en die skoolkoerant word na hom vernoem:** *“Die Martiens”*. ‘n Wonderlike en eervolle huldeblyk aan ‘n besondere baanbreker. Nou – 37 jaar later – het talle veranderings plek gemaak vir die huidige *Klofiekan*, asook die digitale *Klofiekletse* soos nuwe tradisies gebou word.

Op 16 Julie 2024 kom die boodskap van mnr. Martins se afsterwe en die stilte by Kloof is tasbaar en die groet huiwer hartseer in ons keel. Ons éér hom vir ‘n skool wat hy nagelaat het. ‘n Skool wat nog steeds “Bou in Geloof”. En niks sal dié hoeksteen ooit laat verbrokkel nie.



*Mnr. Martins*
*- Foto verskaf -*

## Met grysheid kom wysheid:
## Juf. Susan Theron

Mia van der Walt

Wetenskap is seker die vak waarvoor almal die bangste is … van die druppels wat die elemente se name moet kan identifiseer, tot die seniors wat moet leer wat vreemde terme soos stoigiometrie beteken. Gelukkig het ons onderwysers soos juf. Susan Theron, wat die vak al vir 47 jaar lank aanbied. Ons kan met sekerheid sê sy het Wetenskap baasgeraak.

Juf. Theron se passie vir haar vak is aansteeklik. Haar gunstelingdeel van onderwys is die kontak en interaksie met die leerders. Dit is vir haar baie bevredigend om ‘n pad saam met haar leerders te stap en te sien hoe hulle ontwikkel en presteer. Sy wou egter nie altyd Wetenskap gee nie … sy wou aanvanklik Wiskunde gee. Weens ‘n tekort aan Wetenskaponderwysers het sy Wetenskap begin aanbied - ‘n vak waarvoor sy baie lief geraak het en vandag is sy baie bly daaroor.

“Wetenskap is ‘n belangrike vak, want dit maak die wêreld vir jou oop en leer jou om krities te dink en te redeneer. Daarom is dit belangrik om nuuskierig te wees en vrae in die klas te vra.” Volgens juf. Theron is dit die enigste manier om te leer. Die bespreking van die vrae help leerders om beter te verstaan. Sy sê die rede waarom leerders met Wetenskap sukkel, is omdat hulle nie in die klas oplet en hul huiswerk doen om te sien waarmee hulle sukkel nie.



*Juf. Susan Theron*
*- Fotograaf: Miracles Photography -*

Die grootste wanopvatting wat leerders oor Wetenskap het, is dat hulle dink dat dit ‘n moeilike vak is en daarom nie glo dat hulle daarin kan presteer nie. Haar raad om effektief vir ‘n Wetenskapeksamen voor te berei, is om die definisies te leer en soveel as moontlik vrae uit te werk. As jy genoeg vrae uitwerk, kan hulle jou onmoontlik vasvra.

“Geniet jou jongmenslewe en gebruik die geleenthede wat oor jou pad kom. Doen elke dag jou deel en bly by met die werk.” Volgens juf. Theron is selfdissipline en deursettingsvermoë die belangrikste vaardighede vir sukses in die lewe.

Sy wil graag die volgende deel:

*A pencil maker told a pencil 5 important lessons:*

1) *Everything you do will always leave a mark.*
2) *You can always correct the mistakes you’ve made.*
3) *What’s important is what’s inside you.*
4) *In life you will undergo painful sharpening that will make you a better pencil.*
5) *To be the best pencil, you must allow yourself to be held and guided by the Hand that holds you.*





# ‘n Nag in die lewe van ‘n Ontwerpleerder

Mila Gous

Nag in, dag uit. Die oggendsonstrale val op die donker kringe onder jou oë, maar jy gee nie om nie, want jy het ‘n meesterstuk geskep. Met ‘n paar koppies koffie en energiedrankies agter die blad, kan jy die wêreld van ontwerp aanpak.

Mense is geneig om te dink dat Ontwerpleerders net “vinnig” iets teken of verf, maar hulle besef nie hoe baie werk en tyd werklik daar ingaan nie. Baie nagte se slaap (en geld vir *Red Bulls*) word opgeoffer. Volgens gr. 12-Ontwerpleerder, Mignon Opperman, is Ontwerp ten spyte van die min slaap, ‘n vak wat werklik jou kunstige vaardighede ontwikkel. Dit toets egter ook jou geduld. Passie bo perfeksie. Nee, passie én perfeksie.

Hoe oorleef ‘n Ontwerpleerder dit nou eintlik om ‘n hele nag deur te werk? Na ure van *lofi* beats mag jy dalk begin om ‘n *true crime podcast* of twee te luister. Later kan die temas van jou gunstelingbangmaakstories jou so beïnvloed dat jy vir die hopie vuil klere in die hoek van jou kamer kan skrik. As jy en jou omgewing nie met die verf besmeer is nie, het jy die “ontwerpding” blykbaar verkeerd gedoen.

‘n Vroeë oggendvoëltjie het wel vir my gefluister dat die stil ure in die nag die beste tyd is om te fokus.

Vir maksimum inspirasie word ‘n goed beligte vertrek aanbeveel. Sit gemaklik, maar moenie te gemaklik raak nie. Onthou, dit is 2:30 in die oggend, jy is doodmoeg en toe onder die werk.

In Ontwerp is tydsbestuur baie belangrik. Ongelukkig is dit moeilik en kan dit tot ‘n deurnagaand, voor die taak ingegee moet word, lei. Mignon noem dat alhoewel dit soms ‘n frustrasie is om jou projek te voltooi, is dit alles die moeite werd wanneer jy sien hoe jou werk oor die jare verbeter het. “‘n Mens voel na die tyd baie trots op jouself.”

Die meeste Ontwerpleerders sal die vak vir ander aanbeveel. Alhoewel die vak baie tyd, moeite en harde werk vereis, leer dit ‘n mens belangrike vaardighede soos goeie tydsbestuur en kreatiewe denke.

Onthou, dit is nie nodig om ‘n gebore kunstenaar te wees nie; jy moet net baie deursettingsvermoë hê en daarvan hou om gereeld die son te sien opkom.

# Slimkoppe se skermtyd

Nicolas du Plooy

Dis ‘n feit dat die kinders van vandag aan kuberkoors ly. Maagpyn, hoofpyn of selfs toonpyn: die foon is áltyd die oorsaak. Die nadele word konstant deur al wat ‘n tienerkenner is in ons kele afgewurg: dit beïnvloed slaappatrone, dit veroorsaak angstigheid en selfs digitale demensie. Tog bly ons oë op daardie skerm vasgenael!

Die Klofiekan het die toppresteerders in elke graad se gemiddelde skermtyd ondersoek.

Die graad 8’s skop met ‘n allemuntige vier uur en vyftig minute per dag af! Sjoe Maats, dit wil gedoen wees. Dit is asof hulle in ‘n kragtige era van tegnologie inskuif, met die skerm in die een hand en die huiswerkboek in die ander. Akademiese gemiddelde van 96% is maar yl gesaai! Tog lyk dit asof dié “foonbehep-resep” vir hulle werk.

Die graad 9’s wen toe amper die skermtydkompetisie! Met ‘n gemiddeld van vier uur en dertig minute hoop ons maar hulle kyk opvoedkundige programme op die kubertoestelle, anders is hulle dalk in tamatiestraat …

As dit by skermtyd teenoor studietyd kom, is die graad 10’s in die moeilikheid. Dit blyk dat hulle bykans vier uur en tien minute op hul fone deurbring. Daar word wel aangedui dat hulle gemiddeld oor die naweke heelwat hoër as in die week is. Die gewildste *apps* is: *Instagram, TikTok, WhatsApp* en *YouTube.*

Met ‘n gemiddeld van 3,5 uur skermtyd per dag, het die graad 11’s ‘n kuns ontwikkel om akademiese druk en digitale druk in ‘n beskeie tango te balanseer. Soos ons almal weet, is graad 11 dié belangrikste jaar vir jou toekoms. Kom ons hoop die graad 11’s is toekomsgerig, want die akademiese topdrie wissel meer as die Kaapse weer.

Die graad 12’s slaan hom vir ‘n ses met ‘n volle vyf uur! Hulle werk seker op ‘n basis van “leer een bladsy, kyk een *TikTok*-video”. Erken dit, dis julle ontladingsklep … gaan groot! Ek is nie seker of dit ons gerus moet stel dat ons toekomstige dokters, ingenieurs en CA’s meer aandag aan die foon as aan die boeke gee nie.


Wie gee nou regtig om of die toppresteerders die meeste van hul tyd op *Instagram* óf die sakrekenaar-*app* deurbring? Solank hulle hul drome en doelwitte bereik. Hulle sê van uitstel kom afstel en die toppresteerders stel dalk uit, maar hulle het hul beslis goed van hul taak gekwyt! Om uit 450 leerders in die toptien te beland, verg ‘n ongesonde hoeveelheid koffie, bruistablette en baie dissipline. Ongelukkig sal geen Panado of Grandpa dié generasie se kuberkoors kan breek nie.




# Pak jou Desembertas vol leesstof

Kayla Strydom


Na ‘n lang, uitdagende eksamen waar Algebra jou tot laat in die nag laat opbly het, is ‘n lekker blaaskans al wat jy wil hê. Gebruik hierdie Desembervakansie om baie te rus en op te vang met die leesboeke wat jy vir handboeke moes prysgee. Hier is van die Klofiekan se voorstelle vir boeke wat perfek vir die lang pad, of op die strand, op ‘n wildrit, of selfs in jou eie bed sal wees.





Vir elke hopelose romantikus is daar boeke wat jou vlinders in jou maag sal laat voel. *Breathless* deur Jennifer Niven is perfek vir enigiemand wat die skoolbanke vir ‘n swemhanddoek en ‘n eilandvakansie verruil. *The Summer of Broken Rules* deur K.L.Walther en *Soulmates* deur Holly Bourne is nog uitstekende voorstelle.





Rillerboeke sal jou regdeur die aand wakker hou, angstig om verder te lees, maar ook te bang om die boek neer te sit. *The Counselors* deur Jessica *Goodman* en *Such Charming Liars* deur Karen M. McManus is uitstekend om die adrenalien deur jou are gepomp te kry.






Vir die lesers wat daarvan hou om in ‘n fantasiewêreld vol drake, hekse en gevaar vasgevang te word, is *The Invisible Life of Addie LaRue* deur V.E. Schwab perfek. Die hoofkarakter, Addie, word vervloek sodat almal van haar vergeet, maar haar lewe verander wanneer sy ‘n man ontmoet wat haar onthou. Nog fantasieboeke wat jy nie sal kan neersit nie, is: *The Lightbringer*-reeks deur Brent Weeks, *Good Omens* deur Neil Gaiman en *The Night Circus* deur Erin Morgenstern.




As jy jouself in Sherlock Homes se skoene wil uitleef, is *The Inheritance Games* deur Jennifer Lynn Barnes die perfekte boek vir jou. Die uitdagende raaisels en vinnige storielyn hou lesers op die punte van hul stoele. Nog ‘n boek vir jou oorvol boekrak, is *How to Find a Missing Girl* deur Victoria Wlosok.




As jy voel 2024 was nie jou jaar nie en jy wil die nuwe skooljaar op ‘n beter manier aanpak, het ons ‘n paar voorstelle vir jou niefiksie-inkopiemandjie: *Atomic Habits* deur James Clear en *Thinking, fast and slow* deur Daniel Kahneman. Vir die matrieks wie se broeke oor die grootmenswêreld bewe, stel ons *Almost adulting: all you need to know to get it together (sort of)* deur Arden Rose voor.





Sit jou selfoon neer en gryp ‘n leesboek. Hierdie Desembervakansie is heeltemal te lank om dit net met jou eie gedagtes deur te bring.

**Dit is duidelik waarom die Klofies jaarliks in Visuele Kuns (o.l.v. juf. Bonnie Joyce) en Ontwerp (o.l.v. juf. Anne-marie Grobler) presteer.**

## KUNS




## ONTWERP





# Watter geheime talente skuil agter die witbord?

Mia Appelcryn

Wat skuil agter die witbord en -pen in die klas? Wat skuil alles agter die netjiese das en gestrykte rompie? Watter geheime talente kruip alles agter die glimlag, wat voor in die klas straal, weg? Watter stokperdjies of unieke belangstellings skuil alles agter die lessenaar? Ons ken hul klasgee-strategieë, kwaai kyke en liefdevolle glimlagte, maar wie is die mense wat daagliks voor ons staan en so 'n groot rol in ons lewens speel, werklik?

Juf. Zelna du Plooy 'n geograaf en geskiedkundige vir die meeste graad 8's en 9's, het 'n abnormale liefde vir *Coke*! Sy het 'n enorme versameling van *Coke*-handelsmerkitems. Van elke kunstige blikkie tot elke geur *Coke*-blikkie onder die son. Plakkate, vlae en selfs 'n groot *Coke-swembadtjoop* kan in haar huis gevind word. Hierdie merkwaardige versameling is die laaste ding wat Kloof van dié juffrou sou verwag.





Maal, deel, optel en aftrek is nie die enigste talente wat juf. Tinka le Roux het nie. Nee, in haar vrye tyd geniet die juffrou die geselskap van seediertjies terwyl sy skubaduik en die seewaters verken.



As sy wol tussen haar vingers voel, word juf. Carla Strydom se verbeelding aangegryp. Van beertjies tot kussings tot komberse … dink aan enige iets en juf. Carla sal dit kan hekel. Sy geniet ook visvang - 'n passie wat juf. Chadri Cronje deel. Sy is 'n kranige *Fly Fish*- en diepseevisser.



Juf. Rolandi Rautenbach is 'n vrou met vele talente. Sy kan sing en klavier speel en maak die lekkerste fudge. Sy doen tolletjiebrei vir ontspanning en geniet landloop - 'n passie wat by mnr. Alet (toe sy op hoërskool was) oorsprong gevind het.



Om van nuwe dinge te leer, is beslis juf. Vanessa Joubert se gunsteling. Sy is 'n ware geskiedkundige binne en buite die klas. Sy verbreed konstant haar horisonne deur verskillende kursusse aan te pak en so elke keer iets nuuts te leer. Sy geniet dit ook om 'n blokkiesraaisel (in Engels natuurlik) te voltooi.



*KFC* het vir kaptein Felix Coetzee, die naam van juf. Carla van Staden se rubberhoender, nodig. Dit is die vriendelike gesiggie wat vir meer as 'n jaar in al haar foto's verskyn.

In juf. Anell se agterplaas kom haar Biologiestreke te voorskyn, want hier boer sy met hoenders, groente en bye. Juf. Van der Walt is definitief 'n buitelugvrou met 'n groot liefde vir alle plante en diere.



Juf. Jean-Mari Redelinghuys gebruik verf en kwaste om saligheid en vryheid in die wêreld te vind. Sy gee so uiting aan haar kreatiwiteit en vind stilte in die gelyke hale van haar verfkwas. Sy raak verlore in kleur en kuns. Soos Antjie Krog gesê het: "Ek het vergeet hoe die wêreld kan lyk."



Dr. Ronelle Bosman, 'n uitmuntende musikus het 'n goeie palet vir wyngeure … van 'n Merlot tot 'n Chardonnay. Vir die afgelope 40 jaar was sy lid van 'n wyngilde en is wynproe een van haar gunstelingstokperdjies. Dr. Bosman is ook lief daarvoor om met haar hande te werk en geniet dit om haar eie juwele met krale te ryg.

Wanneer hy nie op die rugbyveld besig is nie, is hy handig met enige houtwerk. Mnr. Lukas Holtzhauzen maak sy eie meubels in sy vrye tyd en het ook sy eie *one man band*. Hy bespeel nie net één nie, maar drié instrumente, naamlik: dromme, bas- en akoestiese kitaar.



Ons onnies is uniek en het talente en belangstellings waaraan ons nie eers in ons wildste drome sou dink nie. So, volgende keer as jy met onnies gesels, vra hulle 'n bietjie oor hulself uit. Jy mag dalk net iets leer wat jou verras!

*ONNIE-PERSOONLIKHEID*

## Besigheids-besties: juf. Ida van der Neut en juf. Hester van der Westhuizen

Claudia van Wyk en Krige Steyn

Van ondersteuning op die rugbyveld tot "lippe teen die klippe" in die Besigheidstudiesklaskamers, sit juf. Ida van der Neut en juf. Hester van der Westhuizen die "kloof" in ongeklooflik! Hierdie besties weet presies hoe om 'n balans tussen harde werk, sing en spring te handhaaf deur hulle passie vir kinders en hulle kreatiewe, unieke en soms vreemde sêgoed. Een ding is seker: in 'n Besigheidstudiesklas is treurigheid so skaars soos 'n vol skooldag by Kloof.

Om juf. Ida en juf. Hester in 'n neutedop te som, is 'n uitdaging en 'n half, maar enige redakteur se droom, so kom ons **"KAP HOM!"**

**Wat is Juffrou se lekkerste sêding?**

**Juf. Ida:** "Daarsy, kap hom!" Ek dink dit is oorerflik, want my hele familie sê so!

**Juf. Hester:** Ek het 'n paar: "Lippe teen die klippe!" "Sing en spring!" en "Ek gaan jou foon tot by *Apple Tree* gooi!"

**Wat is Juffrou se stokperdjie?**

**Juf. Ida:**Tydens vakansies kuier ek saam met familie en vriende by wie ek nie deur die kwartaal uitkom nie. Ek is lief vir kosmaak en bak, maar ek is ongelukkig nie baie kunstig nie.

**Juf. Hester:** Ek geniet dit om 'n bietjie tyd saam met my familie deur te bring. Ons gesin geniet die bosveld baie.

**Hoekom het Juffrou 'n Besigheidstudiesonderwyser geword?**

**Juf. Ida:** Ek was nog altyd baie lief vir kinders. Die Besigheidstudies was nie noodwendig beplan nie.

**Juf. Hester:** Ek is baie lief vir kinders. Ek het op skool ook Bedryfsekonomie gehad en my onderwyser het my inspireer om in haar voetspore te volg.

**As iemand Juffrou wil bederf, wat moet hy/sy vir Juffrou maak om te eet?**

**Juf. Ida:** Jy kan my in 'n wip met biltong en droëwors vang.

**Juf. Hester:** Ietsie op die braaivleisvuur.

**Wat is Juffrou se grootste irritasie?**

**Juf. Ida:** Mense wat nie betyds kan wees nie.

**Juf. Hester:** As iemand vir my jok. Praat net die waarheid en ek sal oorlog toe en terug saam met jou gaan.

**Is daar 'n resep tot 'n gelukkige lewe?**

**Juf. Ida:** Nee ongelukkig nie. Die lewe kan soms snaakse en moeilike draaie met jou loop, maar dis belangrik om elke keer op te staan en die lewe vierkantig in die oë te kyk. Elke uitdaging vorm jou as mens en maak jou sterker en so kan jy ook ander mense help en bystaan.

**Juf. Hester:** Geen lewe is perfek nie. Om te lag, dankbaar te wees, maklik te vergewe, jammer te sê as jy verkeerd was en om die klein dingetjies en oomblikke in die lewe te waardeer, is belangrik. Die lewe is kort - laat elke oomblik tel!

**Wat is Juffrou se gelukkigste herinnering?**

**Juf. Ida:** My troudag en dat ek 'n lang man gekry het. Ek was altyd bang ek kry 'n kort mannetjie. Hoe vreemd sal dit nou nie gelyk het nie!

**Juf. Hester:** My troudag en die geboorte van my twee kinders. Ek het 'n wonderlike man en twee pragtige kinders. Hulle is my hele lewe!

**As Juffrou een ouderdom kan bly vir die res van Juffrou se lewe, hoe oud sal Juffrou wil wees?**

**Juf. Ida:** Beslis 18, dit voel dalk nie nou vir julle so nie, maar ek sal my skooldae vir niks verruil nie.

**Juf. Hester:** Beslis 40! Ek geniet elke oomblik daarvan.

**Waarmee is Juffrou regtig goed en waarmee is Juffrou regtig sleg?**

**Juf. Ida:** Ek probeer altyd die humor in elke situasie vind, maar o wee, ek kan glad nie teken of kuns doen nie.

**Juf. Hester:** Ek probeer altyd om die beste uit elke situasie te haal en mense te help waar ek kan. Ek sukkel wel baie om Engels te praat.

**Wat is Juffrou se gunstelingaktiwiteit wat by Kloof aangebied word?**

**Juf. Ida:** Rugby, rugby, rugby!

**Juf. Hester:** Kloof bied wonderlike aktiwiteite aan, maar RUGBY is so een trappie bo die ander.

**Het Juffrou 'n Bybelvers wat Juffrou daagliks inspireer?**

**Juf. Ida:** Fillipense 4:13. Dit het my al in baie moeilike en hartseer tye in my lewe gedra en ja, die Here sal niks oor jou pad bring wat jy nie kan hanteer nie, al voel dit baie keer so.

**Juf. Hester:** Psalm 27:1. "Die Here is my lig en my redder, vir wie sou ek bang wees? Die Here is my toevlug, vir wie sou ek vrees?" Leef daagliks asof dit jou laaste is!

**Vertel vir ons van Juffrou se dierekinders.**

**Juf. Ida:** Klein Tinkie is my hart se punt, sy is 'n bruin staffy en eintlik is sy nie 'n hond nie, maar 'n mensie wat baie bederf is!

**Juf. Hester:** Ek het 'n pug (*Peanut*). Hy is mooi van lelikgeid en dan 'n aanneem-worshondkruising (*Daisy*). Ons is baie lief vir hulle.

**As Juffrou se lewe 'n musiekvideo was, wat sou die liedjie wees?**

**Juf. Ida:** Opus - *Live is Life*

**Juf. Hester:** Elvis Blue – Rede om te Glo






*Juf. Hester van der Westhuizen en Juf. Ida van der Neut*
*- Foto's verskaf -*









*- Fotograwe: Shae-Lynn Levison, Juandré le Roux, Jack Brevis, Kaylin Swaak -*

# Paparazzi-pret

*Fotograwe: Elsmari Kuperus, Ghita Schoeman, Jack Brevis, Juandré le Roux, Kayley Wessels, Kaylin Swaak, Lara Myburgh en Shae-Lynn Levison, Emma Buchner*











































# Woordspeletjie

Mia van der Walt en Riané Muller

Hierdie woordspeletjie kan die beste as 'n mengelmoes beskryf word. Jou eksamenbrein moet ongelukkig 'n bietjie oortyd werk, want jy moet die volgende doen om dié bielie van 'n woordspeletjie te voltooi:

Die geskommelde weergawe van die korrekte woord word in die linkerkolom gegee. Jy moet die woord ontskommel en dan die korrekte weergawe daarvan in die middelste kolom skryf. Die berig waaruit die woord kom, word in die regterkolom gegee om jou te help om die woord op te spoor.

Dan is daar 'n laaste uitdaging. Die letters wat omkring is, vorm een woord. Daar sal 'n lyntjie voorsien word waarin jy al die letters kan neerskryf en dan 'n volgende lyntjie waar jy die woord, nadat jy dit ontskommel het, kan neerskryf.

Voltooi die woordspeletjie en stuur jou antwoord op Teams na juffrou Retha Hofmeyr teen 18 November.

Die eerste korrekte antwoord van elke graad 8-11, ontvang R150.

**Staan 'n kans om jou deel van R600 te wen!**

| GESKOMMELDE WOORD | KORREKTE WOORD | BERIG |
|---|---|---|
| fegnrireadn | _ (_) _ _ _ _ _ _ _ _ _ | Boogskiet |
| seidgginek | _ _ _ _ _ (_) _ _ _ _ | Power Couple |
| roupeetidksft | _ _ _ _ _ _ (_) _ _ _ _ _ _ | Hoofleiers |
| abeberark | _ _ _ _ _ _ _ _ (_) | Mnr. Martins: 'n Huldeblyk aan 'n formidabele grondlegger |
| smleadej | _ _ _ _ _ _ _ (_) | Klofie gaan groot in HOLLYWOOD |
| revipdnegi | _ _ _ (_) _ _ _ _ _ _ | Laat jou stem tel |
| neleijmlsapetbpao | _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ (_) _ _ | Koshuishoofleiers |
| novrekiur | _ _ (_) _ _ _ _ _ _ | Juf. Jo |

Omkringde letters: _ _ _ _ _ _ _ _

Finale poging (Wenk: 2025) _ _ _ _ _ _ _ _



## SOEK VIR POULIE

Vind die nege versteekte blou poue ook bekend as: Poulie

# Watter onnie is jou bestie?

Nika Meiring en Simoné de Leeuw

**1. Wat is jou ideale vakansie?**
A. Seevakansie
B. Bosvakansie
C. Roadtrip
D. Bly by die huis

**2. Watter periodes is jou gunsteling?**
A. 30 minuut lange periodes
B. 45 minuut lange periodes
C. 25 minuut lange periodes
D. 50 minuut lange periodes

**3. Wat is jou gunstelingtroeteldier?**
A. 'n Hond
B. 'n Kat
C. 'n Hamster
D. Vissies

**4. Watter smaak prikkel jou smaakknoppies die meeste?**
A. Soet
B. Sout
C. Suur
D. Bitter

**5. Wat is jou gunstelingete van die dag?**
A. Ontbyt
B. Brunch
C. Middagete
D. Aandete

**6. Wat is jou gunstelingseisoen?**
A. Somer
B. Lente
C. Winter
D. Herfs

**7. Wat sal jy eerste bestel om te drink?**
A. Koffie
B. Tee
C. Melkskommel
D. Koeldrank

**8. As jy 'n superkrag kon kies, wat sou jy graag wou doen?**
A. Vlieg
B. So vinnig soos Flash wees
C. Onsigbaar wees
D. Buitengewoon sterk wees

Tel al jou antwoorde op.
As jy:
Die meeste A's het: juf. Lynette Seegers
Die meeste B's het: juf. Johanrie Serfontein
Die meeste C's het: mnr. Leon Coetzer
Die meeste D's het: mnr. Stephan Lötter


*Juf. Lynette Seegers*


*Juf. Johanrie Serfontein*


*Mnr. Leon Coetzer*


*Mnr. Stephan Lötter*

*- Fotograaf: Miracles Photography -*

# Tong-in-die-Kies

Nicolas du Plooy en Krige Steyn

Kwartaal drie skop op 'n hoogtepunt af: die hele Waterkloof-area is waterloos! En dié wat wel water het, se storte het in ablusieblokke verander, 'n vyf minuut stortjie was die nuwe geldeenheid #handeldryf. Na die Junie-eksamen-tsunami die rondte gedoen het, lyk die graad 11-Toerismeklasse soos taxi's (wat op 'n goeie dag 110% vol is). Dit is egter nie net die graad 11's nie … ons praat nie eers van die graad 10's se Afrikaanspunte nie. Ons hoop maar net die nuwe dissiplinekomitee sal die leerders se selfdissipline agter die lessenaars red. Nee kyk, op dié stadium ervaar ons al Riley, van *Inside out*, se gevoelens in een Wiskundeperiode. Volgende, wou almal op *Instagram* net weereens herinner word hoe *Liefde by die dam* se verhoog lyk, net vir ingeval jy van verlede jaar vergeet het. Elke tweede siel het die foto van die verhoog met Heuwels Fantasties geplaas, net om te wys hulle was daar. Met die Klofieraad-kamp, het *Camp Discovery* se toiletpapierrekening rekords gehaal, nadat al 66 leerders deur 'n erge maagkiem geteister is. Behalwe daarvoor, was dit vet pret!

Nee kyk, 'n mens hoor die woord demure, amper soveel soos: "Koop jou Smulfeeskaartjies". Die hoofseunkriteria, waaraan die suksesvolle kandidaat deesdae moet voldoen, is soos volg: hy moet die bobene van 'n stoetbul, die stem van 'n brullende leeu (vir die "een, twee, drie … hier op die kruising …") en gekrulde hare (ons wil hier sien hoe julle die skool se "gaan bos-tema" beklemtoon), hê. Tog het ons al een of twee jaar van dié kriteria afgewyk. Die skool se gespesialiseerde sportsoorte spog weereens met uitmuntende resultate, veral die rolbal, wat blykbaar die hoogste sterftesyfer het. Ek kan dink dat kopstamp met só 'n swaar bal gevaarlik kan wees. Die Smulfees was beslis een vir die boeke! Tussen *Checkers 66-parades*, helikopters en lewensgevaarlike danstoertjies, was dit definitief 'n dag om te onthou. Die komiteelede het geoefen dat die spoeg spat en tot laat in die aande het die Klofieraad soos daardie blonde seuntjie in Bernice West se liedjie gedans. Van die meisies wat tydens die oefeninge opgetel moes word, het ongelukkig 'n bietjie van Waterkloof se grond geproe. Die leerlingraad het teen 'n hengse spoed op en af van die kateter, ekskuus, kateder gespring. Dit is die negende wonder van die wêreld, dat ons dit reggekry het om van die seuns se heupe los te kry. 'n Paar het wel koue voete gekry en dit het daartoe gelei dat baie van die dansers nie Klofieraad was nie. Hoe sê hulle, 'n boer maak 'n plan. Ons was wel bly dat die professionele dansers kom uithelp het. Die klanksisteem was weer so temperamenteel soos 'n paar jong dames wat ek ken. 'n Paar a cappella-danspassies moes uitgevoer word, maar dis oukei, die skool moes maar net hulle verbeelding gebruik.😊

Die Oktobervakansie is blitsvinnig verby, vinniger as 'n pouse by ons mooi blou skool, wanneer die Klofies nie hulle papiere optel nie. Ons is oor dit, net soos ons oor *Emily in Paris* is, dankie *Netflix*, vier reekse is genoeg! En dankie Sabrina Carpenter, ons het genoeg van jou gehoor *"Please, please, please,"* liefdegroete! Die eindeksamenroosters het almal in rep-en-roer, want die Rekeningkundedepartement word glad nie in ag geneem nie. Die graad 11-Wetenskaponderwysers moes ook gou organiese chemie, binne 'n week, in ons koppe kry, want "daar is nie volgende jaar tyd nie!" Ons, twee flukse manne, het self nie tyd vir hierdie berig nie, maar vir Kloof maak ons tyd, al is ons in die hospitaal! Die laaste week voor die eksamen was so nutteloos soos die 10 000 swart Woolies-sakke in jou ma se spens. Kloof sluit die jaar met 'n heerlike *Tjops*- en *Tjoops*-dag af. (Ons sou baie graag hieroor wou skryf, maar was nie een teenwoordig nie, want ons het eerder ons tyd aan eksamenvoorbereiding bestee *#akademiewagvirniemandnie*). Ander nuus, Outer Banks het hulle nuutste reeks vrygestel, maar spaar jouself die moeite. Dis al weer iets van 'n skat wat gevind moet word, met 'n slegte antagonis en almal lyk vuil en sweterig - bly maar weg. Tussen dit en daardie dolfyne en reënboë met die *Symphony*-liedjie op TikTok, is dinge redelik vervelig. Ek sweer ek sien daardie dolfyn meer as my eie pa. Met hierdie skroeiende hitte, hoop ons dat Amerika se *Hurricane Milton* 'n ligte briesie hierheen waai. Die eksamen is erg genoeg, ons kan nie nog gedehidreerd hier sit en sweet nie, 'n effense windjie is al wat ons vra.

Ten slotte, hoop ons die eksamen het goed verloop en na onlangse westerse kontroversie, glo ons dat indien Beyonce die joernalis van Tong-in-die-Kies was, was dit 'n miljoen keer beter. Bly veilig Klofies!



# *Dancing queen*: Lara Muller

Elimay le Roux

Lara Muller het al tydens die druppels van 2022 se ken-mekaar-piekniek aangedui dat sy 'n danskampioen is, toe sy 'n mede-druppel gewys het hoe dit op die dansvloer gedoen word. In 2024 gaan wys sy dit ook vir die res van die wêreld.

Lara het op 15 en 16 Augustus aan vanjaar se UDO Street-Dance Wêreldkampioenskap in Engeland deelgeneem. Daar was meer as veertig ander lande, elkeen met 'n groot hoeveelheid dansers, wat deelgeneem het.

Elke danser het aanvanklik 'n voorsmakie van dit waartoe hulle in staat is, aan die beoordelaars gewys. Daaruit word die top-8-dansers by die kompetisie aangewys, waarvan Lara deel was. Die agt dansers wat gekies word, dans dan teen mekaar en die finaliste word aangekondig. Lara het na die finaal deurgedring en in die top-4 geëindig.

Alhoewel Lara nie noodwendig 'n groot trofee of 'n blink medalje ontvang het nie, was dit vir haar 'n geleentheid van 'n leeftyd. Dit was vir haar so mooi om te sien hoe dansers van reg oor die wêreld bymekaar kom en verenig. Sy het ook by die wenner van die kampioenskap geleer hoe sy haar dansroetine na die volgende vlak kan neem.

Sulke groot prestasies kom beslis nie maklik nie; dit kom met baie harde oefening en deursettingsvermoë. Lara dans al vandat sy vier jaar oud is en sy het op 'n professionele vlak begin dans toe sy agt geword het. Twee maande voor die kompetisie plaasgevind het, het Lara reeds begin voorberei. Sy het daarvan sekergemaak dat sy elke dag vir minstens een uur dans.



Lara Muller
- Foto: Verskaf -

Ons ken ballet, moderne danse, hip-hop en selfs salsa, maar wat is *breakdancing*? So beskryf Lara dit:

"*Breakdance* hang van die spesifieke musiek af. Die dans word gebruik om die musiek op 'n kreatiewe manier uit te beeld. Die styl bestaan uit drie komponente: *top rocking* - waar die dansers regop, op hulle voete dans, *floor work* - waar die dansers op die vloer dans en gly, en *power work*, wat uit die dansers se eie unieke toertjies bestaan."

Die gr. 10's van 2024, die Klofies en selfs Australië kan gerus 'n paar heupswaai-bewegings by Lara leer!

# Klofie-ruiters op 'n wêreldklasperd

Cara Grebe

Van bloed, sweet, lang ure en bene breek, is die ruiters van Kloof bewus, maar nogtans bewys hulle dat harde werk 'n verskil op die nasionale puntebord kan maak. Terwyl die ander leerders hulself met akademie, sport, kultuur en al die ander geite besig hou, is die ruiters aktief besig om hulself vir die kompetisie voor te berei. Die resultate tydens die kompetisie het gewys wat die monster van 'n span ruiters in staat is, om te doen.



*Klofie-ruiters*
- Foto: Verskaf -

19 van ons ruiters het aan die nasionale kompetisie deelgeneem en werklik gewys wie baas is. Ses eerste plekke is deur die ruiters: Anneri Vorster (gr. 12), Luan van der Bijl (gr. 9), Karli Vorster (gr. 9) en Dian Roux (gr. 11) behaal, maar dit is nie waar die prestasies eindig nie. Hoërskool Waterkloof word as die tweede beste ruiterskool in die hele Gauteng aangewys. Anneri Vorster het ook bewys dat ruiterkuns werklik 'n kuns is. Die onoorwonne ruiter, wat weens hokkie 'n groot handbesering opgedoen het, het volstoom gaan deelneem en word as die *Top Horse Rider Combination High School, Victrix Ludorum High School* by die *Arab Horse Society* en *Victrix Ludorum High School* by *Nooitgedacht Horse 500* aangewys. Anneri word dan ook aangewys as die Top Matriek ruiter by die nasionale kampioenskap.



*Lané Lambrechts op Baxter*
- Foto: Verskaf -

Die prestasies wat oor die afgelope tydperk behaal is, beklemtoon weereens die toewyding, talent en passie wat ons Kloof-ruiters daagliks in hulle sport toepas. Kloof kan nie trotser op dié uitmuntende prestasies wees nie.

# Landloopatlete: hou bene hou... tot by die SA's

Riané Muller

Landloop kan op sy beste as 'n *love-hate relationship* beskryf word. Die ontwikkeling van deursettingsvermoë, sal ongelukkig nie kan plaasvind as jy nie bereid is om die harde kilometers te druk nie. Soos mnr. Alet Kieser altyd vir sy langafstandatlete sê: "Jy moet gemaklik met die ongemaklik word." Al word landloop as 'n individuele sport beskou, vereis dit geweldig baie ondersteuning en motivering, want as jou kop nie reg is nie, verloor jy jou wedloop nog voordat jy begin het.

Op 7 September 2024 het nege van ons landloopatlete aan die SA-kampioenskap by Vaal Driehoek deelgeneem. Die dogters en junior seuns het 4 km en die senior seuns 6 km gehardloop. Daar was egter ook 'n 2 km-wedloop waaraan twee van ons senior seuns, Wian Nolte in graad 11 en Colbi Pienaar in graad 10, deelgeneem het.

Die resultate van die dag is soos volg:

**Lané van der Westhuizen** (o. 14) behaal 'n 23ste plek.

**Josh Lee** (o. 14) behaal 'n 52ste plek.

**Danika van der Merwe** (o. 15) behaal 'n 52ste plek.

**Colbi Pienaar** (o. 16) behaal 'n 29ste plek in die 2 km-*dash*.

**Danika Vermeulen** (o. 16) behaal 'n 32ste plek.

**Hayden Fick** (o. 17) behaal 'n 82ste plek.

**Wian Nolte** (o. 17) behaal 'n 23ste plek en 'n 6de plek in die 2 km-*dash*.



*Landloop atlete*
- Foto verskaf-

Ons is ook uiters trots op **Elandri Coetzee** (o. 15) wat 'n silwer medalje, en **Lara van der Merwe** (o. 17) wat 'n brons medalje verower het.

Aan mnr. Alet en al die landloopatlete wat aan die kampioenskap deelgeneem het, Kloof is ongelooflik trots op julle prestasies. Ons sien saam met julle daarna uit om te sien wat die komende atletiekseisoen alles vir julle gaan inhou.

# Ons GHOLF - sterker as ooit

Marni Botha

Gholf is soveel meer as net 'n sport. Dit vereis konsentrasie, uithouvermoë en strategieë, maar bo alles 'n liefde en trots vir die sport! Kloof se gholf het vanjaar weer gewys wat in hulle steek en wat dit vat om 'n ware Klofie te wees.

Ons eerste gholfspan het vanjaar weereens die voorreg gehad om te kwalifiseer om die provinsiale verteenwoordiger van Gauteng-Noord tydens die Suid-Afrikaanse hoërskolegholfkampioenskap te wees. Die toernooi het in die skouspelagtige Worcester in die Wes-Kaap plaasgevind. Die kompetisie was straf met 26 skolespanne van regoor die land wat deelgeneem het. Spelers soos Nelis de Bruin, Liam McKenna en Roelof Craig het Waterkloof hier verteenwoordig.

Na 'n senutergende drie dae en uitmuntende gholf, het die Kloof-manne besluit om saam te staan en vir mekaar te speel. Tipies Kloof, wen ons die toernooi vir die eerste keer sedert 2016, met vier houe en Hoërskool Waterkloof word as die beste gholfspan in die land gekroon. Die Klofie-gholfers het hulle vlug verpas omdat die prysuitdeling langer aangehou het as wat hulle verwag het. Die insident het ook daartoe bygedra dat onvergeetlike herinneringe gemaak is.



*Liam McKenna, Cilliers Craig, Me. Christine Hare, Nelis de Buin en Roelof Craig*
- Fotograaf: Marlette Krüger -

Die junior gholfspan het die *Grey High PE Junior Golf Festival* vir die derde agtereenvolgende jaar gewen! Slegs leerders in graad 8 tot 10 mag aan die toernooi deelneem. Kloof se spoggerige span het uit Cilliers Craig, Liam McKenna, Morgan Alison, Rocco Janse van Rensburg, Trevor van der Westhuizen en Liam Allers bestaan en hulle wen die toernooi met 'n totaal van 461. Dit was vir die manne 'n ongelooflike ervaring en die skool is werklik baie trots op hulle.

Kloof-gholf is wêreldklas. Oud-Klofie, Christiaan Bezuidenhout, is vir die Olimpiese Spele en vir die *Presidents Cup* gekies. Nelis de Bruin word ook as kaptein van die Gauteng-Noord-hoërskolespan, wat aan die IPT in Durban gaan deelneem, verkies. Met harde werk en entoesiasme, bewys ons gholfers dat daar 'n blink toekoms vir hulle voorlê!

# Xanté van Zyl sit die wêreldklas in Waterkloof

Miné Naudé



Xanté van Zyl
- Foto: Verskaf -

Staan met jou voete skouerwydte van mekaar af. Stel jou *rangefinder* en *sidetape* op. *Knock* die eerste pyl en sit die *release* op. Trek die snaar terug en … *bullseye*! So is Xanté van Zyl as die YAFFU (*Young Adult Female Freestyle Unlimited*) wêreldkampioen gekroon, met die Suid-Afrikaanse vlag in haar arms, 'n wêreldrekord wat haar naam versier en Hoërskool Waterkloof se naam hoog op haar skouers.

Xanté het haar opposisie in die IFAA (*International Field Archery Association*) *World Field Archery Championship* wat in Brasilië van 2 tot 10 Augustus plaasgevind het, afgeransel. Sy het met ywer 'n bloedrooi teiken op die wêreldrekord se rug geplak en sonder genade 'n storm pyle losgelaat, waarna sy die bestaande wêreldrekord sedert 2019 met 'n uitstekende 12 punte van 517 na 529 opskuif. Sy is na afloop van die kompetisie as die 2024-wêreldkampioen en die wêreldrekordhouer aangewys.

Om in die *Field*-kategorie vir boogskiet te presteer, is nie kinderspeletjies nie. Onvoorspelbare weerstoestande kan 'n beduidende effek op 'n skut se prestasie hê, waar humiditeit, reën, wind en modder 'n rol speel tydens die instel van tegnologiese boogskietinstrumente en individuele voorbereiding vir die kompetisie. Ten spyte van die ongunstige weerstoestande en swaar reënval, het Xanté 'n byna perfekte puntetelling van 556 uit 560 in die *Animal round* behaal en gevolglik die Suid-Afrikaanse *Field Archery*-rekord by haar lys van prestasies gevoeg.

Sonder toegewyde oefening, onwrikbare dissipline en 'n brandende passie vir haar sport, sou Xanté se pyle nie maklik in die goue beker nesmaak nie. Na 'n uitputtende skooldag plant sy haar voete in die gras en oefen vir lang ure. Rus en rehabilitasie is noodsaaklik vir enige atleet om in sy/haar sportgebied te floreer. Ter voorbereiding van kompetisies oor die naweke, is Xanté Vrydae op haar bed; selfs 'n fikse wêreldrekordhouer het rus nodig.


Maandae is dit haar plig, as kaptein van Waterkloof se boogskietspan, om haar kennis oor die sport met voornemende Klofie-kampioene te deel deur vir hulle raad en leiding rakende die skietproses te bied. "My visie vir Waterkloof se boogskietspan is om meer meisies aan te moedig om boogskiet aan te durf. Verder wil ek boogskiet as 'n sport op internasionale skaal laat groei deur my land en vir Kloof in internasionale kompetisies te verteenwoordig," sê die Klofie-kampioen.

Boogskiet bied ongelooflike geleenthede vir groei as 'n atleet en dit is 'n opwindende manier om jou lewe te verryk. Dit verhoog ook jou kans vir oorlewing tydens 'n moontlike *zombie-apocalypse*. Kloof se skitterende boogskutte stel die teiken elke jaar hoër en is nie bang om hul pyle in die rigting van die sterre te mik nie.

# Ons skree nie WP nie, want RIWAN WORD 'N BUL

Michaela Smith

Van kleins af het die liefde vir rugby by Riwan ontwikkel. In die kleuterskool droom hy van die Springbokke en om die groen trui oor sy kop te trek. Ons ken hom as ons kaptein - die ou wat na 'n rugbywedstryd voor die skool staan en maak nie saak of dit 'n oorwinning of 'n nederlaag was nie, die Kloof-wapen altyd met trots op sy bors dra.



Klein Riwan
- Foto: verskaf -

Die rugbygogga het hom al in die kleuterskool gebyt toe hy begin het om *rip-rugby* te speel. Riwan sê: "As jy klein is, dink jy maar min oor waar jy in die toekoms wil wees. Jy speel rugby omdat jy dit geniet, maar ek moet sê ek wou met alle mag 'n Springbok word." Dit is nie moeilik om te sien dat Riwan van Aswegen rugbytalent het nie. Toe hy vroeër die jaar deur die o. 21-afrigter by die Bulle-unie genader is en 'n twee jaar kontrak aangebied is, het hy besef sy drome is besig om te realiseer.

Hy speel al 'n geruime tyd vir die Skole-Bulle-spanne, alhoewel die skolespanne en die Bulle-unie nie met mekaar verband hou nie. Hy is opgewonde om volgende jaar professioneel te begin speel en is reg om al die uitdagings vierkantig in die oë te kyk. Die kompetisie vir 'n plek in die span is straf en hy sal sy beste moet gee om sy volle potensiaal te bereik. Riwan sê dit is sy dryfveer om daagliks gefokus en gemotiveerd te bly. Verder meen hy dat jy moet onthou waar jou krag vandaan kom.

Vir Riwan bestaan daar slegs 'n plan A, en hy glo dat jy nie nog opsies nodig het as jy gefokus, doelgerig en vasberade is om jou droom 'n werklikheid te maak nie. Hy beplan om te studeer, maar eers wil hy op rugby fokus. Hy hoop om eendag vir die Bokke en 'n professionele unie in die *URC* uit te draf. "Ek is baie bevoorreg dat die geleentheid oor my pad gekom het en al wat ek nou kan doen, is om hard te werk en op die Here en Sy plan te vertrou."

Riwan is nederig en hoop dat hy sy spanmaats deur die jaar geïnspireer het om nie moed op te gee nie en om tot die einde toe hard te werk. *"Commitment means staying loyal to what you said you were going to do, long after the mood you said it in, has left you."* Riwan probeer bogenoemde woorde uitleef.

Die roete om jou droom 'n werklikheid te maak, lyk dalk somtyds wankelrig, maar daar is geen twyfel dat Kloof trots op hierdie bulspeler is nie. Hou gerus die media dop. Blou Bul Riwan is HIER!



Riwan van Aswegen
- Fotograaf: Rugby Mom Pics-

# Dewan Borstlap: muurbalkampioen

Simoné de Leeuw

Hoërskool Waterkloof is sommer ryker met dié nuwe gr. 8-juweeltjie. Déwan Borstlap, deel van die 2024-druppelgroep maak vinnig seker dat Hoërskool Waterkloof weet wie hy is. 'n Akademiese reus, 'n vis in die water en nou 'n muurbalkampioen. Déwan is as die nommer een o. 14-muurbalspeler in die land aangewys! Muurbal is 'n onbekende sport by Hoërskool Waterkloof, maar soos wat Déwan aangaan, sal almal binnekort van hierdie sportsoort weet. Déwan het met muurbal begin toe hy in gr. 1 was. Hy het by die Centurion Junior Muurbalklub, waar hy vandag steeds 'n lid is, aangesluit. Die gogga het vir Déwan gebyt toe hy een van sy pa se ligawedstryde bygewoon het. Kort daarna het hy sy eie raket gekry. Déwan geniet muurbal, want dit is 'n sportsoort wat balans, koördinasie, uithouvermoë en krag ontwikkel.

Muurbal is een van die nuutste gespesialiseerde sportsoorte wat by Waterkloof aangebied word. Déwan glo dat dit 'n sportsoort is wat nog baie gewild onder die Klofie-leerders sal raak omdat dit jou deursettingsvermoë toets en dit die geleentheid bied om nuwe vriendskappe te ontwikkel. Volgens Déwan is die kultuur onder die spelers soos 'n *love-hate-relationship* - groot pelle langs die baan, maar groot vyande op die baan. Déwan is iemand wat daarvan hou om te wen, maar hy glo ook dat wen nie alles is nie. Hy sê dit is belangrik om koelkop tydens 'n wedstryd te bly. Dit leer hom om onder druk te funksioneer. Volgens Déwan is muurbal 'n sportsoort vir die hele familie. Kloof hou beslis hierdie nuwe blink ster dop.




Dewan Borstlap
- Foto: verskaf -